


Die groep het gedurende die oorsigjaar sy bruto geskrewe premie met 'n beduidende 32% verhoog. Ondersteun deur 'n stewige onderskrywingsresultaat en 'n toename in versekeringsfondse, het die groep se bedryfsinkomste met 'n indrukwekkende 39% toegeneem. Netto batewaarde per aandeel het tot 2018 sent toegeneem, wat sy stewige finansiële posisie versterk en 'n gesonde basis vir toekomstige groei vorm.


Finansiële hoogtepunte

	2002	2001
	R miljoen	R miljoen
Bruto geskrewe premie	8 197	6 206
Onderskrywingsurplus	142	97
Bedryfsinkomste	257	185
Beleggingsinkomste	179	538
Wesensverdienste	306	572
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders	302	572
Pro forma-verdienste op grond van langtermyn-opbrengskoers	516	445
	Sent per aandeel	Sent per aandeel
Wesensverdienste	274	518
Dividende	170	154
Netto batewaarde	3 018	2 914
Solvensiemarge	60%	71%


Dividende per aandeel



Bruto geskrewe premie



Onderskrywingsurplus




Sewejaar-oorsig

	7 jaar se saamgestelde groei/ gemiddelde %		2002	2001	2000	1999	1998	1997	1996
GEWONE AANDELE-PRESTASIE									
<i>sent per aandeel</i>									
Wesensverdienste per aandeel	(12.7)		274	518	192	375	(312)	471	709
Dividende per aandeel	11.0		170	154	140	127	115	100	82
Netto batewaarde	5.2		3 018	2 914	2 546	2 532	1 968	2 442	2 121
ONDERSKRYWING									
Eise betaal en voorsien (%)*	Gem	70.5	70.7	70.7	72.0	70.0	72.6	68.1	69.3
Bestuurskoste (%)*	Gem	12.9	14.1	13.9	13.8	12.7	11.6	12.4	11.7
Verkryingskoste (netto van kommissie & bestuurskoste) (%)*	Gem	26.7	26.7	27.2	25.4	27.7	26.2	27.2	26.2
Onderskrywingsurplus (%)*	Gem	2.8	2.6	2.0	2.6	2.3	1.2	4.7	4.5
* Aangegee as 'n persentasie van netto premie-inkomste verdien									
OPBRENGS EN PRODUKTIWITEIT									
Verdienste aangegee as 'n % van gemiddelde aandeelhouersfondse	Gem	13.8	9.2	19.0	1.1	16.0	(1.6)	18.4	34.3
Voorbelaste opbrengs op totale bates (%)	Gem	8.5	4.9	9.9	4.6	7.7	(5.5)	14.5	23.4
Effektiewe belastingkoers (%)	Gem	23.3	26.6	19.5	38.4	18.2	33.7	16.8	9.7
Bruto premie per werknemer – R'000 **	Gem	1 665	2 940	2 146	1 621	1 327	1 625	1 067	932
** Alternatiewe risiko-oordragpremies uitgesluit									
SOLVENSIE EN LIKIDITEIT									
Dividenddekking (keer)	Gem	2.9	1.6	3.4	1.4	3.0	(2.7)	4.7	8.6
Solvensiemarge (%)	Gem	70	60	71	74	70	54	78	80
Dekking van netto verpligtinge deur kontantvloei (keer)	Gem	0.3	0.4	0.1	(0.6)	0.2	0.6	1.0	0.5
ANDER STATISTIEK									
Getal werknemers			2 656	2 856	2 839	2 098	2 152	2 277	2 247
Getal aandeelhouers			3 946	2 405	3 009	3 300	3 628	3 936	4 196
DIE VERTONING VAN DIE JSE									
SEKURITEITBEURS									
SUID-AFRIKA ("JSE")									
Markprys per aandeel (sent)									
Sluitingsprys			3 225	3 640	3 200	3 030	1 865	3 600	3 200
Hoogste			4 200	4 060	3 200	3 030	4 550	4 000	3 300
Laagste			3 000	2 950	2 050	1 890	1 390	2 900	2 300
Markkapitalisasie (R miljoen)			3 607	4 035	3 512	2 204	1 356	2 618	2 327
Santam-aandeleprysindeks***			330	385	327	304	149	380	327
JSE aktuariële finansiële indeks***			158	197	238	236	164	218	134
Sluitingsprys/verdienste (keer)			11.76	7.02	16.67	8.09	(5.97)	7.64	4.51
Sluitingsprys/ekwiteit per aandeel (keer)			1.1	1.2	1.2	1.2	0.8	1.4	1.4
Sluitingsdividendopbrengs (%)			5.3	4.2	4.4	4.2	6.2	2.8	2.6
Getal uitgereikte aandele (miljoen)			111.8	110.9	109.8	72.7	72.7	72.7	72.7
Getal verhandelde aandele (miljoen)			19.0	15.1	16.3	19.2	15.2	11.7	6.7
Getal verhandelde aandele as 'n % van totale getal uitgereikte aandele			17.0	13.6	14.8	26.4	20.9	16.1	9.2
Waarde van verhandelde aandele – (R miljoen)			686.7	542.6	444.8	476.0	403.3	406.7	184.9

*** Basisjaar 1992



Santam se jaareinde is in 1998 van September na Desember verander. 1996 – 1997: 12 maande finansiële jaar. 1998: 15 maande finansiële jaar.



Sewejaar-oorsig

R miljoen	7 jaar saamgestelde groei/ gemiddelde %	2002	2001	2000	1999	1998	1997	1996
		INKOMSTESTATE						
Bruto geskrewe premie	21.5	8 197	6 206	4 603	2 784	3 496	2 429	2 095
Netto premie	16.5	5 635	4 574	3 774	2 597	3 275	2 276	1 936
Onderskrywingsurplus	7.5	142	97	101	59	41	106	85
Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse****		115	88	-	-	-	-	-
Bedryfsinkomste		257	185	-	-	-	-	-
Inkomste van geassosieerde maatskappye		178	540	212	275	(211)	306	485
Inkomste voor belasting		435	725	313	334	(170)	412	570
Belasting		116	141	120	61	57	69	55
Minderheidsbelang		14	12	6	1	-	-	-
Wesensverdienste	(7.2)	305	572	187	272	(227)	343	515
Amortisasie van klandisiewaarde		3	-	-	-	-	-	-
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouders	(7.3)	302	572	187	272	(227)	343	515
BALANSSTATE								
Eiendom en toerusting		41	36	53	42	44	31	27
Beleggings		3 208	3 600	3 237	3 493	1 817	2 157	2 012
Klandisiewaarde		33	-	-	-	-	-	-
Uitgestelde belastingbate		14	-	25	-	-	10	-
Tegniese bates****		2 072	1 646	1 510	-	-	-	-
Bedryfsbates		3 548	2 023	1 926	795	624	645	400
Totale bates		8 916	7 305	6 751	4 330	2 485	2 843	2 439
Aandeelhoudersfondse	11.8	3 375	3 230	2 795	1 828	1 643	1 775	1 542
Tegniese voorsienings****		4 226	3 295	3 303	-	-	-	-
Uitgestelde belastingaanspreeklikheid		34	105	153	30	11	-	-
Bedryfslaste, voorsienings & minderhede		1 281	675	500	2 472	831	1 068	897
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		8 916	7 305	6 751	4 330	2 485	2 843	2 439
KONTANTVLOEISTATE								
Kontant voortgebring deur bedryfsaktiwiteite		682	(89)	(263)	139	(13)	252	122
Beleggingsinkomste ontvang		309	315	238	214	265	182	145
Kontant gegeneer deur bedryfs- en beleggingsaktiwiteite		991	226	(25)	353	252	434	267
Belasting betaal		(96)	(69)	(53)	(126)	(89)	(56)	(70)
Dividende betaal		(178)	(163)	(116)	(108)	(77)	(64)	(55)
Kontant voortgebring deur bedryfs- en beleggingsaktiwiteite		717	(6)	(194)	119	86	314	142
Opbrengs met verkoop van geassosieerde maatskappye		12	-	-	11	-	-	-
Opbrengs met uitreiking van gewone aandele		21	24	984	-	-	-	2
Beleggings in geassosieerde maatskappye		(5)	-	-	-	-	-	-
Beleggings in filiale		(36)	-	(1 591)	-	-	-	-
Kontant verkry deur verkryging van filiale		144	-	-	-	-	-	-
Kontant aangewend in toevoeging tot vaste bates		(21)	(2)	11	(12)	(28)	(14)	(1)
Toename in beleggings en likiditeitsbates		832	16	(790)	118	58	300	143

****Vergelykende syfers voor 2000 is nie beskikbaar nie.



Santam leierskap

TOPBESTUUR

ELTIE LINKS (56)

Hoof: Korporatiewe burgerskap
M.Com., MA, Ph.D.
Aangestel 2001

CHRIS MOSTERT (51)

Hoof: Inligtingstegnologie
Aangestel 1990

HENDRI NIGRINI (53)

Uitvoerende hoof: Risikodienste
B.Com., ACII
Aangestel 1986

MACHIEL REYNEKE (46)

Uitvoerende hoof: Finansies
B.Com. (Hons.), GR (SA)
Aangestel 2002

JOE ROUX (57)

Uitvoerende hoof: Versekeringsmakelaar- hulptronsentrum
GBP (SBL)
Aangestel 1987

NICO SWART (40)

Hoof: Menslike hulpbronne
B.Com. (Hons.)
Aangestel 1994

KOOS VAN TONDER (54)

Uitvoerende hoof: Santam Internasionaal
B.Com. (Hons.), GR (SA)
Aangestel 1987

JOHAN VAN ZYL (47)

Uitvoerende hoof
Ph.D., D. Sc. (Agric.)
Aangestel 2001

HANNES WILKEN (42)

Uitvoerende hoof: Verspreiding
B.Compt. (Hons.), GR (SA), MBL
Aangestel 1995

STEVE ZIETSMAN (52)

Hoof: Besigheidsinligting en Kliëntverhoudingsbestuur
M.Econ.
Aangestel 1999

SANTAM BEPERK SE DIREKSIE

JJ GELDENHUYS (63)

Direkteur, B. Com., ACII. Aangestel 20 November 2001

EM GROENEWEG (67)

Direkteur, GR (SA), Aangestel 23 Mei 2000
Direkteur van Astral Foods Bpk., Group Risk Holdings (Edms) Bpk., Independent Risk Management Services (Edms) Bpk., SA Nederlandse Sakekamer, Randcoal Services Bpk. en RAS Administration Services (Edms) Bpk.

JG LE ROUX (58)

Direkteur, B.Sc. (Agric.), Aangestel 23 Mei 2000
Voorsitter van Boland Wingerde Internasionaal en Paarvallei Bottelering (Edms) Bpk. Direkteur van KVVV (SA), KVV Groep, KVVV Beleggings, Cape Wine Cellars, Cape Wine Shippers en Wijngaard Beleggings.

NM MAGAU (51)

Direkteur, D. Ed. Aangestel 28 Mei 2002
Voorsitter van die Raad van die Universiteit van Durban Westville.

AR MARTIN (65)

Direkteur, B.Com. GR (SA). Aangestel 18 November 1996
Direkteur van Siemens Bpk., Trans Hex Groep Bpk., Siemens Telecommunications (Edms) Bpk. en Credit Guarantee Insurance Corporation of Africa Bpk.

JE NEWBURY (61)

Direkteur. Aangestel 24 November 1998
Voorsitter van MICROomega Holdings Bpk., Kolbenco (Edms) Bpk., Ocneblok Properties (Edms) Bpk. en Astonville Consulting (Edms) Bpk. Direkteur van Dunlop Africa Bpk., New Africa Capital Bpk., VenFin Bpk., Castellano Beltrame (Edms) Bpk., Johannesburg Metropolitan Bus Company (Metrobus), Pinhop Investments (Edms) Bpk., Ziphatele Investments (Edms) Bpk., Southern Africa Tour, en die Nasionale Olimpiese Komitee van SA (NOKSA), Business Trust, Leopard Creek Country Club Bpk, Leopard Creek Share Block Bpk. en John Newbury Investments (Edms) Bpk.

P DEV RADEMEYER (56)

Direkteur, GR (SA). Aangestel 20 Februarie 2001
Direkteur van Sanlam Bpk., Sanlam Lewensversekering Bpk., Genbel Sekuriteite Bpk., Gensec Bank Bpk., Sanlam Beleggingsbestuur (Edms) Bpk. en Sanlam Netherlands Holdings BV.

GE RUDMAN (60)

Direkteur, B.Sc., FFA. Aangestel 23 Januarie 1996
Direkteur van Sanlam Bpk., Sanlam Lewensversekering Bpk., Lamform (Edms) Bpk en Sanlam Customised Insurance Bpk.

DK SMITH (56)

Voorsitter, B.Sc., FIA. Aangestel 1 April 1994
Voorsitter van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch en Plexus Finansiële Dienste, ondervoorsitter van Optinvest Holdings, ondervoorsitter en besturende direkteur van Reinsurance Group of America (SA). Direkteur van Clover Holdings, Genbel Suid-Afrika Bpk., Gensec Eiendomme Bpk., Life Offices' Association, Plexus Asset Management, Professional Provident Society Insurance Company Bpk., Reinsurance Group of America Holding Ltd. (VK) en Snyman & Van der Vyver.

BP VUNDLA (55)

Direkteur, BA (SA). Aangestel 28 Mei 2002
Direkteur van African Merchant Bank Bpk., Herdbuoy's McCann Ericsson (Edms) Bpk., Foodcorp (Edms) Bpk., Mercer Inter-Ed (Edms) Bpk., New Season Investment (Edms) Bpk., Wesbank Bpk., Mail & Guardian Bpk. en 'n lid van die raad van UNISA.

JA VAN TONDER (54)

Uitvoerende direkteur, B.Com. (Hons.), GR (SA)
Aangestel 14 November 1995

JVAN ZYL (47)

Uitvoerende hoof, Ph.D., D.Sc. (Agric.). Aangestel 1 Augustus 2001

JW WILKEN (42)

Uitvoerende direkteur, B.Compt. (Hons.), GR (SA), MBL.
Aangestel 1 Mei 2001

Oorsigte

"Ons strewe is dat al ons assosiate, kliënte en verskaffers ons vennote sal word, en sal deel in die voordele van innovering, toegevoegde waarde en 'n werklik sorgsame benadering"

Voorsitter se oorsig

Ná jarelange standvastigheid, waar organiese groei byna gewaarborg was, bevind die korttermyn-versekeringsbedryf hom deesdae in tye van groot uitdagings.

Hoewel die land se ekonomiese vooruitsigte op die lang termyn positief lyk, het wisselvallige internasionale markte beslis 'n invloed op ons posisie in Suid-Afrika en op beleggersvertroue in die land gehad. Dit is duidelik uit sowel die stand van ons finansiële markte as die stram ekonomiese groeiakoers.

Hierdie faktore het 'n regstreekse invloed op die korttermyn-versekeringsbedryf: reële groei in premie-inkomste hang hoofsaaklik van ekonomiese groei af, en swak opbrengste op veral aandelebeleggings het regstreeks 'n negatiewe uitwerking op beleggingsinkomste.

Nietemin, en tekenend van die sikliese aard van die bedryf, beleef die onder-skrywingsiklus 'n opwaartse swaai sedert die begin van 2001. Versekerers het nie net 'n toename in premie-inkomste ervaar nie, maar ook verbeterde onder-skrywingsresultate in die bedryf as geheel.

UITDAGINGS VIR DIE BEDRYF

In die nadraai van die gebeure op 11 September 2001, het herversekerings-tariewe die hoogte in geskiet en kapasiteit afgeneem. Dit, tesame met hoë inflasie gekoppel aan 'n swak rand teen die vernaamste geldeenheide vir die eerste deel van 2002, het gelei tot beduidende premieverhogings.

Hoewel die uitwerking van herversekering nie onderskat moet word nie, moet dit egter in die konteks van die ware invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse mark gesien word.

Op die plaaslike mark, wat meer as R25 miljard sterk is in jaarlikse premies, verteenwoordig herversekering sowat R4 miljard. En dit is meer van toepassing op groter risiko's, soos dekking vir katastrofes en spesialisversekering. Nietemin bly die internasionale herversekeringsmark 'n uitdaging, met kapasiteit en koerse wat steeds verhard.

Die onaanvaarbare hoë voorkoms van misdaad in Suid-Afrika toon geen tekens van verbetering nie en sal voortgaan om 'n uitwerking op die koste van versekering vir verbruikers te hê.

Die invloed van inflasie bly egter 'n groter bron van kommer. Hoewel die bedryf voortdurend aandag skenk aan die vermindering van interne koste, belemmer eksterne prysverhogings buite ons beheer baie van hierdie pogings.

Wat veral kommer wek, is die groot toename (tussen 22% en 25% oor die afgelope agtien maande) in motorherstelkoste – oorwegend omdat so baie onderdele ingevoer word – en die impak daarvan op mededingende premies.

Wat voorgestelde wetgewing betref, sal die grootste uitwerking sekerlik van die Wet op Finansiële Raadgewende en Tussengangerdienste kom. Die voldoening aan die wetgewende en nakomingsvereistes sal lei tot hoër koste vir makelaars en hul infrastruktuur onder druk plaas.

Dit kan makelaars noop om dienste te sentraliseer. Groot makelaars wat genoegsame volumes skryf sal wel die bykomende dienste kan lewer. Die kleiner makelaars gaan sukkel, en sal dit dus aan 'n buro moet uitkontraakteer.

Santam het in dié verband onderneem om die makelaarsgemeenskap as 'n belangrike verspreidingskanaal te ondersteun. Dit sluit in die implementering van sakestrategieë en inisiatiewe en platforms om sowel nakoming as voortgesette hoë vlakke van diens te verseker.

Die ontwikkeling van 'n handves vir Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) in Finansiële Dienste, wat die raamwerk vir transformasie van die bedryf sal bepaal, het die aandag op swart ekonomiese bemagtiging van alle maatskappye in die sektor geplaas.

Die bedryf is verbind tot die ekonomiese vooruitgang van alle Suid-Afrikaners, maar sal nogtans verskeie vraagstukke moet aanspreek, in besonder verkryging. Santam se breë bemagtigingstrategie sal egter op al die dimensies van die handves fokus.

Desmond Smith
Voorsitter

Voorsitter se oorsig

AANDEELHOERSWAARDE

Ons besigheidsfilosofie is eenvoudig en duidelik gedefinieerd: om die opbrengs op kapitaal te maksimeer, voortreflike diens en produkte vir kliënte te verskaf en die lewering van die hoogste, volhoubare vlak van opbrengs aan aandeelhouers.

Die maatskappy het hom toegespits op die verbetering van batebestuur met die fokus op totale verdienstes, wat die opbrengs op vrye bates van die onderneming insluit.

Die sektor vir finansiële dienste was nie immuun teen die strawwe aanslag van die plaaslike en internasionale aandelemarkte nie, met die afgelope jaar as van die uitdagendste in die onlangse geskiedenis. Die meeste maatskappye, Santam ingesluit, verhandel teen aansienlike diskonto's teenoor die onderliggende waarde van hul ondernemings en aandeelpryse is in die algemeen ver onder hul hoogtepunte.

Die bestuur en direksie is deeglik bewus daarvan dat die Santam-aandeelprys teen 'n diskonto teenoor sy regmatige waarde verhandel, en skenk aandag daaraan om die gaping te verklein en aandeelhouerswaarde te verstewig. Ons strategie is om voort te gaan om 'n goeie bedryfsprestasie te lewer wat die verwagtinge van die mark oorskry en die volhoubaarheid van ons resultate aan die beleggersgemeenskap te kommunikeer.

VOORUITSIGTE

Gegee die stand van die wêreld ekonomie en voortgesette druk op premie-tariewe, is strawwe mededinging in die bedryf onafwendbaar. Die uitdaging is duidelik om in hierdie omgewing met hoë vlakke van winsgewendheid vol te hou.

Voorts plaas globalisering toenemend druk op plaaslike versekeraars om óf buite die tradisionele korttermyn-versekeringsarena te beweeg in 'n soeke na alternatiewe inkomste en/of hul inkomstebasis te diversifiseer.

Teen hierdie agtergrond, het Santam reeds verskeie inisiatiewe van stapel gestuur om die toekomstige winsgewende groei van die maatskappy te verseker. Die eerste strategiese stap sluit in die verkryging in Januarie 2003 van die Britse nisversekeraar Westminster Motor Insurance Association, en in Februarie 2003 die verkryging van 'n belang van 47,5% in die Britse bemarkings- en onderskrywingsmaatskappy Bluesure. Verdere besonderhede van hierdie verkrygings as deel van die groep se internasionalisering-strategie word op bladsy 9 as deel van die uitvoerende hoof se oorsig bespreek.

Die bestuur sal voortgaan om op verbetering van produktiwiteit en die vermindering van koste te fokus. Planne is ook in plek om die koste van herversekering te verminder sonder om die groep aan enige onnodige risiko bloot te stel.

Gegewe die buitelandse verkrygings en die beplande aanpassings in die herversekeringsprogramme, is die verwagting dat kapitaalbenutting verder sal verbeter met solvensiemarges wat in 2003 matig sal verminder. Die aandelemarkte sal na verwagting onstuimig bly, wat 'n regstreekse uitwerking op beleggingsresultate sal hê.

DIREKSIE

Dr Leon Vermaak, voormalige uitvoerende hoof van Santam en meer onlangs nie-uitvoerende voorsitter van Santam, het in Desember 2002 uit die direksie bedank. As sulks deur die direksie verkies, is ek in Februarie vanjaar as voorsitter aangestel.

Die nie-uitvoerende direkteure prof. June Sinclair en mnr Selwyn MacFarlane, het uitgetree en ons rig ons hartlike dank aan hulle vir hul onderskeie bydrae oor verskeie jare. Mnr MacFarlane was voorsitter van die Risiko- en Ouditkomitee en sy finansiële kundigheid en begrip van praktyke van beheer sal gemis word.

Ons verwelkom nie-uitvoerende direkteure dr Namane Magau en mnr Peter Vundla en sien uit na die voordeel van hul kundige insette.

Ná agtien maande aan die stuur van die groep, het dr Johan van Zyl op 28 Maart 2003 bedank om die vakante posisie as uitvoerende hoof by Sanlam op te neem. Sy strategiese intellek, fokus op werkverrigting en sakevernuw was deurslaggewend in Santam se behaling van korttermyn-doelwitte en om die weg te baan vir volhoubare groei op die lang termyn. Ons wens hom sukses toe in sy nuwe pos.

Die gesonde bedryfsprestasie van Santam die afgelope jaar kan toegeskryf word aan 'n hoogs toegewyde en gemotiveerde personeel en bestuurspan, en ek wil my dankbaarheid teenoor hulle uitspreek vir hul bydrae. My mede-direkteure moet ook vir hul leiding en leierskap bedank word. Dank moet ook betuig word aan ons eksterne belangegroep wat 'n kritiese rol in ons onderneming speel: aandeelhouers, kliënte, die media en sakevennote.



DESMOND SMITH

Voorsitter

Uitvoerende hoof se oorsig

Santam Beperk het met die herposisionering van die maatskappy van 'n konvensionele korttermyn-versekeraar na 'n risiko-bestuurder 'n nuwe strategiese rigting ingeslaan wat in 'n breër spektrum van markte bedrywig is.

Die strategie word deur 'n nuut ontwikkelde besigheidsmodel ondersteun, wat verseker dat Santam se bedrywighede nou alle segmente van die versekering-waardemodel dek – van makelary tot makelaarsondersteuning en -administrasie, onderskrywing, herversekering, eisebestuur en verkryging.

Die sukses van die model sal egter afhang van die vermoë om die sinergieë binne elk van hierdie segmente te optimaliseer en om voordele regoor die waardeketting te onttrek, eerder as die inneem van 'n inkuil-mentaliteit en in die proses vooruitsigte vir groei beperk. Santam sal ook net kostedoeltreffende inkomste nastreef en deel van die kapitaalbestuursprogram is juis om die groep se inkomste-basis te diversifiseer.

Vyf strategiese drywers vir die skep van volhoubare, winsgewende groei is geïdentifiseer, naamlik kliënte-tevredenheid, sakevennootskappe, doeltreffendheid, diversifikasie en mense.


In 2003 sal die strategie ondersteun word deur 'n "terug na die grondbeginsels"-program met die klem op die verstewiging van die doeltreffendheid van die kern-elemente van die onderneming. Dit sal insluit

- Streng onderskrywingsdissipline
- Optimalisering van kontantvloeibestuur
- Vermindering van bestuursuitgawes
- Verbeterde herversekeringsdoeltreffendheid
- Vermindering van "eise-lekkasies"
- Verkrygingsinisiatiewe

*Johan Van Zyl
Uitvoerende hoof*

Beleggingsportefeulje

Genoteerde gewone aandele – 35.2%	■
Vaste rentedraende bates – 10.1%	■
Voorkeuraandele – 8.2%	■
Kontantbates – 41.5%	■
Ongenoteerde gewone aandele – 4.5%	■
Geassosieerde maatskappye – 0.6%	■



BEDRYFS- EN FINANSIËLE OORSIG

Die tydperk onder oorsig was om twee redes belangrik: eerstens, 'n groot bedryfs en finansiële prestasie het die maatskappy stewig op 'n nuwe baan van groei geplaas, en tweedens het die swak vertoning van die plaaslike en oorsese finansiële markte egter meeste van die bedryfsuksesse geneutraliseer.

Die toename van 39% in bedryfsinkomste tot R257 miljoen was baie bevredigend. Dit weerspieël die stand van die onderliggende sakebedrywighede en is 'n vroeë aanduiding dat die nuwe strategie begin vrugte afwerp.

Dit is ook duidelik in die onderskrywingsoorskot wat met 47% tot R142 miljoen gestyg het en deur verbeterde onderskrywingsmarges en 'n toename in volumes in sakebedrywighede bevoordeel is. Relatief min groei is egter in die drie voorafgaande boekjare - van 1999 tot 2001 - in onderskrywingswins aangeteken.

Ondanks die stram ekonomiese klimaat en druk op persoonlike besteebare inkomste, het bruto geskrewe premies met 32% gestyg met 'n gelyktydige toename van 23% in netto premies. Die verskil in groei koerse kan hoofsaaklik aan betalings aan herversekering toegeskryf word ten einde die groep teen die konsentrasie van risiko in sekere sake-gebiede te beskerm.

'n Segmentverdeling van premie-inkomste in die verskillende versekeringsklasse toon dat motorversekering teen 38% steeds die grootste bron van inkomste verteenwoordig, gevolg deur eiendom teen 36% met aanspreeklikheid, ingenieurswese, vervoer, waarborge, ongeluk en gesondheid wat die balans uitmaak.

Klimaatstoestand was weer eens 'n uitdaging met 'n groot aantal weerverwante eise wat 'n negatiewe uitwerking op die resultate van kommersiële en persoonlike versekering gehad het. Dit is interessant dat daar in die afgelope sewentien jaar net sewentien weer-verwante insidente as katastrofies geklassifiseer is – en vier hiervan het in 2002 gebeur.

Die markwaarde van die groep se beleggingsportefeulje het weens die wisselvallige en uiters veeleisende marktoestand met R22 miljoen verminder. Dit was in skrilte kontras met die uitstekende prestasie in 2001, toe die kapitaalwaarde van die portefeulje met R311 miljoen toegeneem het.

Kontant van byna R1 miljard is deur bedryfs- en beleggingsbedrywighede voortgebring, wat die groep se gesonde finansiële posisie verder verstewig het. Kontantvloeie is deur gunstige oesversekering verstewig, asook nuwe besigheid wat gedurende die jaar verkry is.

Uitvoerende hoof se oorsig

Die solvensie-marge het teen die jaareinde op 60% te staan gekom, wat minder is as die 71% van die vorige jaar.

'n Vraagstuk endemies tot die bedryf is die uiters hoë vlak van jaarlikse polis-omset. Dit is 'n bron van groot kommer. Santam hanteer hierdie omset uiters goed met die fokus op veral die behoud van kliënte. Deel van hierdie program is die verhouding met makelaars as dominante verspreidingskanaal in die korttermynbedryf.

'n Bewys van die makelaarsondersteuning wat Santam geniet, is die feit dat die maatskappy vir die vyfde agtereenvolgende jaar by die jaarlikse toekennings van die Assosiasie vir Finansiële Dienste Tussengangers van Suid-Afrika (SAFSIA) as die Persoonlike Versekeraar van die Jaar aangewys is. Hierdie hoogaangeskrewe toekennings is gegrond op onafhanklike navorsing wat onder meer as 2 000 makelaars in die korttermyn-versekeringsbedryf gedoen word. Santam het ook erkenning as Korporatiewe Versekeraar van die Jaar ontvang.

BEMAGTIGING

Santam se bemagtigingstrategie is in onlangse jare op gesamentlike ondernemings met maatskappy in swart besit toegespits. Die doelwit op die lang termyn is om bemagtigingstrukture in elk van die ses segmente van Santam se versekering-waardeketting te skep. Dit sal die reeks van bemagtigingsbevoordeeldes verbreed en die posisie van die groep gunstig beïnvloed om die behoeftes van swart verbruikers te bevredig.

The Lion of Africa, 'n korttermyn-versekeraar waarin Santam 'n belang van 50% hou, het baie gunstige resultate gelewer. Die maatskappy het van 'n verlies van R13,5 miljoen in 2001 tot verdienste van R19,4 miljoen herstel. Die maatskappy spits hom toe op kommersiële, regering- en kwasi-regeringversekering en het ná net vier jaar in die bedryf winsgewendheid behaal.

Dit is 'n ware bemagtiging-suksesverhaal en die vooruitsigte van die maatskappy is uiters bemoedigend.

Op 'n meer teleurstellende noot het Santam sy verhouding met die Africa Group beëindig. Finansiële waarborge van R30 miljoen is ten opsigte van sekere Africa Group-maatskappye uitgeoefen. Santam het gevolglik beheer van vier Africa Group-maatskappye in die korttermyn-versekeringsmark oorgeneem.

INTERNASIONALE STRATEGIE

Santam se strategie vir die internasionalisering van bedrywighede en die skep van 'n basis in die Verenigde Koninkryk is op drie pilare gesentreer: 'n versekeraar, 'n verspreidingskanaal en Suid-Afrikaners daar as kliëntebasis. Internasionale bedrywighede laat Santam toe om sy kern-kundigheid uit te voer en sodoende die inkomste-stroom te diversifiseer en buitelandse valuta te verdien.

In Augustus 2002 is aandeelhouders meegedeel dat Santam in onderhandelinge betrokke is om 'n versekeringsmaatskappy in die VK oor te neem. Die groep het daaropvolgend 'n transaksie in Januarie vanjaar bevestig vir die oorname van die Britse nis-versekeraar Westminster Motor Insurance Association. Sodoende is 'n platform gevestig vir Santam Internasionaal om 'n teenwoordigheid in Londen te hê.


Die £23.2 miljoen vir die oorname van Westminster, wat in versekering van huurmotors en private motor-verhuringmaatskappye spesialiseer, is van die maatskappy se fondse gefinansier. Westminster is uiters winsgewend met 'n opbrengs op kapitaal van 18% en bied aansienlike potensiaal vir groei aan Santam.

Die distribusie-pilaar van die strategie is voltooi toe Santam in Februarie 'n belang van 47% in die bemarkings- en onderskrywingsmaatskappy, Bluesure, vir £4.5 miljoen verkry het. Bluesure sal as kanaal vir die bemarking van produkte aan voormalige Suid-Afrikaners aangewend word.

Die uitdagings ná die twee verkrygings, is om sinergieë binne Santam Internasionaal se bedrywighede te ontsluit, terwyl daar terselfdertyd ook voordele tussen die Suid-Afrikaanse en Britse bedrywighede bewerkstellig word.

DANKBETUIGING

Die prestasie van die afgelope jaar beklemtoon die groot geleentheid wat binne die groep bestaan om waarde te ontsluit en die onderneming teen 'n selfs hoër jaar-op-jaar koers te laat groei. Innige dank gaan aan ons toegewyde en talentvolle mense wat Santam 'n vooraanstaande maatskappy maak, en een wat selfs groter hoogtes sal bereik in die komende jare.




JOHAN VAN ZYL

Uitvoerende hoof


Staat van Toegevoegde Waarde

	2002	2001
	R'000	R'000
WAARDE TOEGEVOEG		
Bruto geskrewe premie	8 197 393	6 205 597
Eise betaal en koste van ander dienste	7 347 941	5 960 469
	849 452	245 128
Beleggingsinkomste	292 927	628 256
	1 142 379	873 384
WAARDE VERDEEL		
Werknemervoordele	505 072	481 289
Regering	118 497	143 831
Regstreekse belasting op inkomste	115 585	141 342
Streeksdiensteraadheffings	2 912	2 489
Kapitaalvoorsieners	189 913	170 583
	813 482	795 703
Behou vir herbelegging en toekomstige ondersteuning van besigheid	328 897	77 681
Waardevermindering	15 462	24 922
Behoue inkomste voor oorplasing na reserwes	154 055	183 493
Verpligte reserwes vir toekomstige ondersteuning van besigheid	159 380	(130 734)
	1 142 379	873 384

Waarde verdeel – 2002



Waarde verdeel – 2001



Korporatiewe Bestuur

2002

Korporatiewe Bestuur


Die direksie is ten volle verbind tot die beginsels van dissipline, openlikheid, onafhanklikheid, toerekenbaarheid, verantwoordelikheid, billikheid en sosiale verantwoordelikheid as die grondslag van Korporatiewe Bestuur. By Santam word dit nie as 'n afsonderlike proses beskou nie, maar is dit verweef met die wyse waarop ons besigheid doen. As finansiële instelling erken die maatskappy sy verantwoordelikheid om sy sake verstandig en met integriteit te doen en die belange van alle aandeelhouders te beskerm deur in die algemeen te voldoen aan die aanbevelings van die Kode oor Korporatiewe Praktyk en Optrede in die King-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika 2002 (King II).

- Kommunikasie aan werknemers oor risikobestuur en die belang daarvan om risikobestuur deel te maak van die maatskappy se daaglikse aktiwiteite, het aansienlik verbeter, maar dit is 'n deurlopende proses wat in 2003 bykomende aandag sal geniet.

Ten opsigte van interne audit:

- King II stel voor dat die hoof van interne audit in 'n administratiewe hoedanigheid aan die uitvoerende hoof rapporteer. Tans rapporteer die hoof van interne audit in 'n administratiewe hoedanigheid aan die uitvoerende hoof: finansies. Die risiko van 'n gebrek aan onafhanklikheid en/of objektiwiteit word egter opgelos deur die hoof van interne audit, wat gereelde

Korporatiewe bestuurstruktuur



Aanbevelings waaraan daar op die datum van die jaarverslag nog nie voldoen is nie, word hieronder uiteengesit:

Ten opsigte van die direksie:

- Tydens die oorsigtydperk was die voorsitter van die direksie, die Risiko- en Ouditkomitee en die Menslike Hulpbronnekomitee nie onafhanklik soos in King II uiteengesit word nie, maar verwant aan Santam Beperk se beheermaatskappy. 'n Onafhanklike voorsitter vir die Direksie is in Februarie 2003 aangestel.
- Uitvoerende direkteure se dienskontrakte is tans langer as die aanbevole drie jaar (dit is sowat vyf jaar). Die kontrakte is ooreenkomstig artikel 58 van die maatskappy se statute.

Ten opsigte van die Risikobestuursfunksie:

- King II beveel 'n skeiding aan van die risikobestuurs- en interne audit-funksies ten einde die monitering van die risikobestuursproses deur interne ouditeurs moontlik te maak. Risiko- en Voldoeningsdienste in Santam is verantwoordelik vir interne ouditering en die fasilitering van die risikobestuursproses. Dit word beskou as die doeltreffendste oplossing vir die maatskappy, wat die maksimum ontginning van die sinergieë tussen die interne prosesse vir oudit- en risikobestuur moontlik maak. Om die moontlike risiko te verklein, het 'n eksterne diensverskaffer 'n onafhanklike oorsig van die doeltreffendheid van die risikobestuursproses gedoen.

vergaderings met die uitvoerende hoof hou aangaande sake wat geïdentifiseer is en kwartaalike vergaderings met die Risiko- en Ouditkomitee, sowel as die feit dat hy/sy, wanneer nodig, die voorsitter van die Risiko- en Ouditkomitee en die voorsitter van die direksie kan nader.

Die direksie en direksiekomitees

OORSIG VAN DIREKSIESAMESTELLING

Die maatskappy se direksie het 'n eenheidsstruktuur geïmplementeer wat bestaan uit uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure onder leiding van 'n nie-uitvoerende voorsitter. Die nie-uitvoerende direkteure bied 'n breër oorsig van die maatskappy se aktiwiteite en die bestuur van besigheidsrisiko's.

Die direksie het twee komitees, naamlik die Risiko- en Ouditkomitee en die Menslike Hulpbronnekomitee. Die komitees is gestig met duidelike mandate wat die aard en grense van hul onderskeie funksies uiteensit.

Korporatiewe Bestuur

Gedurende die oorsigjaar het die direksie uit 14 direkteure bestaan waarvan 11 nie-uitvoerend en sewe onafhanklik is. Die rol van die voorsitter en uitvoerende hoof word afsonderlik gehou. Die subkomitees word ten volle uit nie-uitvoerende direkteure saamgestel. Meer besonderhede word verskaf in die afdeling oor die Subkomitees van die direksie.

DIREKSIELEDE					
Naam	Uitvoerend	Nie-uitvoerend	Onafhanklik	Ras	Geslag
JJ Geldenhuys		•		W	M
EM Groeneweg		•	•	W	M
JG Le Roux		•	•	W	M
NM Magau		•	•	S	V
AR Martin		•	•	S	M
JE Newbury		•	•	W	M
P de V Rademeyer		•		W	M
GE Rudman		•		W	M
DK Smith (Voorsitter)*		•	•	W	M
JA van Tonder	•			W	M
J van Zyl	•			W	M
L Vermaak (Voorsitter)**		•		W	M
BP Vundla		•	•	S	M
JW Wilken	•			W	M

* Aangestel 25 Februarie 2003
** Bedank 6 Desember 2002

ROL EN FUNKSIES

Die direksie het tydens hul vergadering op 26 November 2002 'n direksie-handves formeel aanvaar. Die handves is op Santam se Besigheidsfilosofie geskoei en sluit die volgende in:

BEHOUE MAGTE VAN DIE DIREKSIE

Die direksie se hoofdoel is om die maatskappy se welvaart te verseker deur die direksie se sake doeltreffend te bestuur en die toepaslike belange van sy aandeelhouers en betrokke aandeelhouers te beskerm. Die magte van die direksie word in die Statute en Akte van Oprigting van Santam Beperk uiteengesit en die uitoefening van die magte word beheer deur die Maatskappywet van 1973, die gemene reg wat in die howe van die land afgedwing word en die Beleid oor die Delegering van Magte wat die direksie op 28 Mei 2002 goedgekeur het. Die direksie onderskryf die Praktyskode en Korporatiewe Optrede in die King II verslag en die aanbevelings daarin.

Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid

VOORSITTER

Die voorsitter verskaf bestendige en doeltreffende leierskap aan die direksie. Die voorsitter se belangrikste funksie is om as voorsitter op te tree tydens direksie- en aandeelhouersvergaderings ten einde te verseker dat die direksie in die belang van goeie bestuur vlot funksioneer.

UITVOERENDE HOOF

Die uitvoerende hoof vervul 'n kritieke en strategiese rol in die bedryfsukses van die maatskappy.

UITVOERENDE EN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Die direkteure van die maatskappy het 'n vertrouenspog om die nodige sorg en vaardigheid in die uitvoering van hul mandate as direkteure van die maatskappy aan die dag te lê. Die direkteure sal in die uitoefening van hul vertrouenspog verseker dat hulle te alle tye in die beste belang van die maatskappy optree en op geen wyse wins maak uit die vertrouensverhouding met die maatskappy nie.

DIREKSIEKOMITEES

Die komitees is hulpmiddels om die direksie by te staan met die uitvoering van hul pligte en verantwoordelikhede. Die uiteindelijke verantwoordelikheid berus by die direksie en as sodanig sal die direksie nie sy verantwoordelikheid aan die komitees afstaan nie. Die verantwoordelikheid van die komitees word vervat in hul verwysings wat die direksie goedgekeur het. Die voorsitter van elk van die komitees doen 'n voorlegging aan die direksie oor aangeleenthede wat by die komiteevergadering ter tafel gelê is.

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die maatskappysekretaris verskaf gesamentlik aan die direksie en individueel aan elke direkteur volledige riglyne oor hoe om hul verantwoordelikhede behoorlik en in die beste belang van die maatskappy uit te oefen. Die maatskappysekretaris speel 'n belangrike rol om te verseker dat die maatskappy aan alle tersaaklike statutêre en regulerende vereistes sowel as die vereiste standaarde van goeie korporatiewe bestuur voldoen.

Die maatskappysekretaris is 'n sentrale bron vir riglyne en advies oor sake van etiek en korporatiewe bestuur vir die maatskappy, aandeelhouers en institusionele beleggers. Die maatskappysekretaris kommunikeer met aandeelhouers wanneer toepaslik en verseker dat behoorlike aandag aan hul belange bestee word.

DIREKSIESAMESTELLING

Die direksie erken dat sy doeltreffendheid grootliks afhang van sy samestelling. Daar is 'n toepaslike ewewig van mag en gesag in die direksie.

DIREKSIE-EVALUERING

Die direksie sal gereeld 'n oorsig doen van die samestelling van vaardigheid, kundigheid en die doeltreffendheid daarvan, sowel as die individuele bydrae van die direkteure met 'n formele selfevalueringsvraelys wat ooreenkomstig die aanbevelings van King II gedoen is.

RISIKOBESTUUR

Die direksie is verantwoordelik vir die handhawing van 'n gesonde stelsel vir risikobestuur en interne beheer ten einde redelike sekerheid oor die verwesenliking van die maatskappy se doelwitte te bied.

GEÏNTEGREERDE VOLHOUBARE VERSLAGDOENING

Die direksie erken dat daar kwalitatiewe aangeleenthede is wat die maatskappy se vermoë om in die toekoms waarde te skep, beïnvloed. Dit het betrekking op die belegging in menslike en ander intellektuele kapitaal en die omvang van die maatskappy se beleid en praktyk ten opsigte van sosiale transformasie, etiese aangeleenthede, veiligheid, gesondheid en omgewingsake. Die direksie is daarvoor verantwoordelik om minstens jaarliks hieroor verslag te doen en sal die wesenskaplikheid en tersaaklikheid van inligting waaroor gerapporteer word, bepaal.

VERGADERINGS EN BYWONING

Die direksie het gedurende die oorsigtydperk vier keer vergader. Die direksie beplan om minstens een keer elke kwartaal te vergader. Alle lede het die vergadering bygewoon, met die uitsondering van JA van Tonder, wat in die buiteland was en nie die vergadering in November 2002 bygewoon het nie.

Korporatiewe Bestuur

AANSTELLING EN HERVERKIESING VAN DIREKTEURE

Die Menslike Hulpbronkomitee verseker dat die direksiesamestelling die demografiese diversiteit weerspieël.

Die statute stel die direksie in staat om 'n direkteur aan te stel indien daar 'n vakante posisie is. Die aandeelhouers moet die aanstelling van die direkteur tydens die Algemene Jaarvergadering (AJV) bekragtig. Aandeelhouers kan ook 'n direkteur/e benoem. 'n Verkorte curriculum vitae van die benoemde direkteur word saam met die kennisgewing van die AJV gestuur. Direkteure word by wyse van 'n aandeelhouersbesluit by die AJV aangestel.

Die volgende veranderinge het plaasgevind gedurende die oorsigtydperk in die samestelling van die direksie en sy subkomitees:

WS MacFarlane	(Afgetree 28 Mei 2002)
NM Magau	(Aangestel 28 Mei 2002)
JE Newbury	(Aangestel as lid van Menslike Hulpbronkomitee 25 Februarie 2003)
DK Smith	(Aangestel as voorsitter 25 Februarie 2003)
JD Sinclair	(Afgetree 28 Mei 2002)
L Vermaak	(Aangestel 26 Februarie 2002 en bedank 6 Desember 2002)
BP Vundla	(Aangestel 28 Mei 2002)

AANDELETRANSAKSIES DEUR DIREKTEURE

Die maatskappy voldoen aan die vereistes van die JSE Sekuriteitebeurs ten opsigte van direkteure se aandeeltransaksies. Die voorsitter van die direksie moet magtiging verleen aan alle aandeeltransaksies van direkteure.

VERGOEDINGSBELEID

Die Menslike Hulpbronkomitee monitor die ontwikkeling en implementering van die groep se vergoedingsbeleid. Die totale vergoedingspakkette van uitvoerende direkteure is sodanig ontwerp dat 'n wesenlike deel daarvan prestasieverwant is. Gekoppel aan toepaslike groepsdoelwitte, kan hulle in aanmerking kom vir 'n jaarlikse bonus.

Die finansiële state in die verslag weerspieël die totale verdienste van uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure en ander voordele ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet van 1973 en die noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs.

OPVOLGBEPLANNING

Ingevolge sy mandaat by die direksie, verseker die Menslike Hulpbronkomitee dat 'n behoorlike plan bestaan om toepaslike kandidate te identifiseer en te kies ten einde vakante posisies vir direkteure, uitvoerende en senior bestuur te vul. Die komitee bestuur die proses deur deurlopende interaksie met uitvoerende lede.

Direksie-subkomitees

RISIKO- EN OUDITKOMITEE					
Naam	Nie-		Onafhanklik	Ras	Geslag
	Uitvoerende	uitvoerende			
JJ Geldenhuys		•		W	M
EM Groeneweg		•	•	W	M
P de V Rademeyer (Voorsitter)		•		W	M
GE Rudman		•		W	M

BELANGRIKSTE DOELWITTE

Die hoof funksie van die Risiko- en Ouditkomitee is om die direksie by te staan met die nakoming van sy verantwoordelikhede ten opsigte van finansiële sake en risikobestuursaktiwiteite. Die komitee het formele opdragte aanvaar wat die direksie goedgekeur het.

Dit vervul die funksie deur:

- Die algehele doeltreffendheid van korporatiewe bestuur in die maatskappy te bevorder.
- Te verseker dat bestuur 'n doeltreffende bestuursomgewing met toereikende interne, finansiële en bedryfsbeheer in die maatskappy skep en in stand hou.
 - Toesig te hou oor die strategiese risikobestuursproses en die monitor van die gehalte, integriteit, betroubaarheid en doeltreffendheid van die proses. Dit staan ook die direksie by met die uitvoering van sy pligte ten opsigte van korporatiewe aanspreeklikheid en verwante risiko ten opsigte van bestuur, versekering en verslagdoening.
 - Die koördinering van en toesighouding oor die doeltreffendheid van die interne audit (insluitende die voldoeningfunksie en forensiese ondersoeke), die eksterne audit sowel as van bestuur met die opstel van finansiële verslae.
- Verbetering van die gehalte, doeltreffendheid, tersaaklikheid en kommunikasiewaarde van die gepubliseerde finansiële state en ander openbare dokumentasie wat uitgereik word.
- 'n Onafhanklike verwysingspunt aan die direksie te verskaf wanneer 'n verklarende en omstredende besluit geneem moet word wat 'n uitwerking het op die gepubliseerde finansiële state en ander openbare dokumente wat uitgereik word.
- Op te tree as 'n doeltreffende kommunikasiemedium tussen die direksie aan die een kant en die eksterne ouditeure, die hoof van interne audit en bestuur aan die ander kant.

Die Risiko- en Ouditkomitee het gedurende die oorsigtydperk sy verantwoordelikheid ingevolge die verwysingsbepalings nagekom.

VERGADERINGS

Die Risiko- en Ouditkomitee het gedurende die oorsigtydperk vier keer vergader. Die komitee vergader minstens een keer elke kwartaal, 'n week of twee voor die direksievergadering. Die uitvoerende hoof en die hoof van die finansiële afdeling woon die vergaderings by as verteenwoordigers van die maatskappy se bestuur. Die interne en eksterne ouditeure word ook verteenwoordig. Die lede van die komitee het al die vergaderings bygewoon.

Die voorsitter van die Risiko- en Ouditkomitee woon die AJV van die maatskappy by en is beskikbaar om enige vrae te beantwoord.

Korporatiewe Bestuur

MENSLIKE HULPBRONKOMITEE

Naam	Uitvoerend	Nie-		Ras	Geslag
		uitvoerend	Onafhanklik		
JG Le Roux		•	•	W	M
JE Newbury*		•	•	W	M
DK Smith (Voorsitter)*		•	•	W	M
L Vermaak (Voorsitter)**		•		W	M

* Aangestel 25 Februarie 2003

** Bedank 6 Desember 2002

BELANGRIKSTE DOELWITTE

Die belangrikste funksie van die Menslike Hulpbronnkomitee is om die direksie by te staan met die nakoming van sy verantwoordelikhede ten opsigte van die beginsels en praktyk van menslike hulpbronn bestuur. Die komitee het formele opdragte aanvaar wat die direksie goedgekeur het.

Dit vervul die funksie deur:

- Oorweging te skenk aan en aanbevelings te doen oor sake soos die vergoedingsbeleid, aansporingsgebaseerde vergoedingstrukture vir uitvoerende bestuur en die algemene personeelbeleid. 'n Onafhanklike vergoedingskonsultant van 'n bekende bestuurskonsultasiegroep adviseer die komitee oor markverwante tendense, beste praktyk in menslike hulpbronn bestuur sowel as inligting van die jaarlikse opname. Die komitee hersien die bestuur se prestasie jaarliks en doen aanbevelings oor opvolgbeplanning aan die direksie. In die uitvoering van sy pligte skenk die komitee oorweging aan beste internasionale praktyk, nywerheidsstandaarde en die vereistes van kollektiewe bemiddeling om te verseker dat personeellede beloon word vir hul bydrae tot die bedryfs- en finansiële vertoning van die maatskappy teen toepaslike en markverwante vlakke.
- Die oorsig van die grootte, samestelling en doeltreffendheid van die direksie en sy komitees. Die komitee sal toepaslike kandidate identifiseer en benoem om vakante poste op die direksie te vul wanneer en indien hulle voorkom, sowel as opvolgplanne, veral ten opsigte van die voorsitter en sy uitvoerende hoof, voorberei.
- Aanbevelings aan die direksie te doen oor die direkteure wat by wyse van rotasie aftree se geskiktheid vir herverkiesing ingevolge die maatskappy se statute.
- Die grootte, samestelling en doeltreffendheid van uitvoerende bestuur te hersien.
- Die opvolgbeplanningsproses vir uitvoerende en senior bestuur regstreeks te beplan.

Die Menslike Hulpbronnkomitee het gedurende die oorsigtydperk sy verantwoordelikhede ingevolge sy verwysingsbepalings nagekom.

VERGADERINGS

Die Menslike Hulpbronnkomitee het gedurende die oorsigjaar vier keer vergader. Uitvoerende direkteure, as bestuursvertegenwoordigers, asook die hoof van die afdeling Menslike Hulpbronne woon die vergaderings by. Die lede van die komitee het al die vergaderings bygewoon.

Die voorsitter van die Menslike Hulpbronnkomitee woon die maatskappy se AJV by en is beskikbaar om enige vrae te beantwoord.

Risikobestuur en interne beheer

RISIKOBESTUUR

Die direksie erken dat dit verantwoordelik is vir die volledige risikobestuurproses en die stelsel van interne beheer. Dit verklaar dat daar 'n deurlopende proses is om wesenslike risiko's te identifiseer, evalueer en bestuur. Die risikobestuurproses was gedurende die oorsigtydperk tot die datum waarop die jaarverslag en finansiële state goedgekeur is, in stand. 'n Stelsel vir interne beheer is geïmplementeer om dié wesenslike risiko's wat geïdentifiseer is, tot aanvaarbare vlakke te bestuur. Sodanige stelsels is ontwerp om die risiko om nie-sakedoelwitte te verwesenlik nie, te bestuur eerder as om dit uit te skakel. Enige stelsel kan slegs redelike sekerheid teen wesenslike wanvoorstellings of verliese verskaf.

Risiko's word nie net vanuit 'n negatiewe perspektief beskou nie, maar sluit geleentheidsgebiede in waar risikobestuur as 'n mededingende voordeel gebruik kan word.

Die direksie, wat verantwoordelik is vir die daarstelling van toepaslike risiko- en bestuursbeleid, het die maatskappy se Strategiese Risikobestuurbeleid in Mei 2002 goedgekeur. Die risikobestuurproses wat gevolg word, is gegrond op algemeen aanvaarde risiko-praktyk en beste praktyk in die versekeringsbedryf. Dit sluit in 'n minimum formele ondernemingswye risiko-identifisering, risiko-evalueringsonderhoude met risiko-eienaars, risiko-evaluerings-werkswinkels met risiko-eienaars en lynbestuurders; die risiko-uiteensetting van individuele risiko's (bv die gebruik van kernoorsoekontleding) en die dokumentering van mitigasie-strategieë.

Die risikobestuurbeleid behels alle wesenslike besigheidsrisiko's vir die groep wat die verwesenliking van sy besigheidsdoelwitte kan ondermyn. Die voortgesette monitering van risiko- en bestuurprosesse in 14 wesenslike risikogebiede verskaf die basis vir gereelde rapportering van uitsonderings aan lynbestuur, die uitvoerende komitee, die Risiko- en Ouditkomitee en die direksie.

Die direksie is daarvoor verantwoordelik om die risiko- en bestuursbeleid aan almal in die maatskappy te kommunikeer en het sekere verantwoordelikhede ten opsigte van risikobestuur aan die uitvoerende komitee gedelegeer.

Die direksie is daarvoor verantwoordelik om toesig te hou oor die risikobestuurproses en die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuurfunksie van dié maatskappy en het aan die Risiko- en Ouditkomitee opdrag gegee om in dié verband bystand te lewer. Twee van die vier komiteevergaderings sal fokus op risikobestuur en -beheer en 'n verslag oor die stand daarvan sal by die direksievergadering ter tafel gelê word. 'n Risikobestuurverslag word op 'n kwartaalike grondslag opgestel en is 'n standaard agenda-item by elke vergadering van die Risiko- en Ouditkomitee.

Daar is 'n gedokumenteerde besigheidsvoortsettingsplan wat die voortsetting van kritieke besigheidsaktiwiteite in geval van 'n ramp sal verseker.

Geassosieerdes is nie ingesluit as deel van die groep se voorneme om die King II-aanbevelings ten opsigte van risikobestuur toe te pas nie. Die groep se direkteure, wat by die entiteite se direksies verteenwoordig word, verskaf versekering dat wesenslike risiko's bestuur word.

Die maatskappy beskik oor 'n voldoeningsbeampte wie se hoofdoel dit is om bestuur by te staan met die uitvoering van sy verantwoordelikhede om te voldoen aan statutêre, regulerende en toesigvereistes deur die ontwikkeling, daarstelling en instandhouding van 'n doeltreffende voldoeningsrisikobestuurproses te vergemaklik. Bevindings van ondersoeke en hersienings word regstreeks aan die Risiko- en Ouditkomitee gerapporteer.

Korporatiewe Bestuur

Die maatskappy is ook regstreeks besig met die bestuur van bedrogisiko's. 'n Gehaltebeheerfunksie is ingestel wat die lekkasie van eise sal verminder en 'n Forensiese Diens-afdeling is by Risiko- en Nakomingsdiens ingesluit. Die maatskappy bedryf intern 'n bedroglyn waar personeel en kliënte bedrog of ander onreëlmatighede anoniem kan rapporteer en is ook regstreeks betrokke by en ondersteun die bedryfsbedroglyn wat die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAVV) ingestel het.

Beheeromgewing en -aktiwiteite

Die maatskappy se stelsel vir interne beheer word onderskryf deur geskrewe beleid en prosedures en maak voorsiening vir die rapportering en ontleding van prestasies teen gestelde doelwitte. Die vlak van verantwoordelikheid en toerekenbaarheid is hersien en aangepas by die veranderde bestuursfilosofie van gedentraliseerde funksies en derdepartybemaatiging sowel as die verhoogde kompleksiteit van die besigheid. Gehalte versekeringsfunksies is in die belangrikste besigheidsprosesse daargestel.

Ervare en toepaslik gekwalifiseerde personeel neem verantwoordelikheid vir belangrike besigheidsfunksies. Jaarlikse evalueringprosedures evalueer prestasie teenoor ooreengekome doelwitte en identifiseer opleidingsbehoefes ten einde die standaard van vertonings te handhaaf en verbeter.

Die maatskappy is gereeld besig met die hersiening en bywerking van sy beheerpunte en prosedures wat die sekuriteit van inligting op IT-stelsels beheer.

Finansiële resultate word gemonitor en gerapporteer ooreenkomstig omvattende stelsels en prosedures. Die direksie keur die maatskappy se begrotings goed. Die werklike vertoning word teenoor begrotings en doelwitte gemeet.

MONITERING EN REGSTELLENDEN AKSIE OPTREDE

Selfmoniteringsmeganismes verseker dat swakpunte aangespreek word wanneer en indien dit geïdentifiseer word. In samewerking met monitering deur interne en eksterne ouditeure word redelike sekerheid verskaf aangaande die betroubaarheid van finansiële inligting en die aanbidding daarvan in aandeelhouerkommunikasie.

Kontrole-maatreëls wat die geïdentifiseerde risikogebiede aanspreek word ontleed en gedokumenteer. In samewerking met die interne ouditeure word verteenwoordigende briewe oor beheerpunte en nakoming voltooi en formeel deur bestuur bevestig. Rapportering oor die doeltreffendheidsvlak waarmee die risiko's bestuur word, sowel as enige wesenlike swak punte, word aan die volle direksie gedoen.

Die interne ouditfunksie word ingesluit by die maatskappy se afdeling Risiko- en Voldoeningsdiens en rapporteer gereeld aan die uitvoerende hoof en die Risiko- en Ouditkomitee. Die verantwoordelikhede van die departement word uiteengesit in die handves wat die Oudit- en Risikokomitee aanvaar het. Die omvang van die werk dek alle aspekte van die maatskappy se besigheidsaktiwiteite en word vanuit die volgende dissiplines benader:

- Korporatiewe risikobestuur en -oudit, wat op bestuurs- en beheeraangeleenthede en hoofkantoorfunksies fokus;
- Risikobestuur en -oudit van inligtingstelsels wat op alle aspekte van IS-bestuur en -bedrywighede fokus;
- Bedryfsrisikobestuur en -oudit wat op die maatskappy se onderskrywings-, herversekerings- en eisbedrywighede fokus;
- 'n Oudit van die nakoming van diensvlakoooreenkomste wat op die maatskappy se sakevennote fokus;
- Monitering en oudit van die maatskappy se voldoening aan wetgewing en regulasies;
- Forensiese ondersoeke van bedrog of wangedrag deur werknemers, sakevennote en kliënte; en

- Pro-aktiewe voorkoming van bedrog deur die gebruik van die gepaste middele en metodes.

Bystand word ook aan uitvoerende bestuur verleen rondom hul verantwoordelikheid vir korporatiewe bestuur. Bevindings uit ondersoeke en oorsigte word regstreeks aan die Risiko- en Ouditkomitee gerapporteer. Die Risiko- en Ouditkomitee keur die interne ouditprogram goed.

DIREKSIE-OORSIG

Die oorsig van beheerdoeltreffendheid is hoofsaaklik uitgevoer deur 'n proses van selfevaluering deur bestuur, insluitend formele bevestiging deur verteenwoordigende briewe wat uitvoerende bestuur voltooi het oor die doeltreffendheid van interne beheer. Oorweging is geskenk aan ander toepaslike insette, insluitend verslae van interne en eksterne ouditeure en die strategiese risikobestuursproses. Waar nodig, is programme vir korrektiewe aksie geïmplementeer.

Niks het onder die aandag van die direkteure of die aandag van die eksterne of interne ouditeure gekom om aan te dui dat enige wesenlike ineenstorting in die funksionering van die interne finansiële beheerpunte en stelsels gedurende die oorsigjaar plaasgevind het nie. Daar word gereken die maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer bied redelike sekerheid rondom die verwesenliking van organisatoriese doelwitte ten opsigte van:

- Die doeltreffendheid van bedrywighede;
- Die beveiliging van die maatskappy se bates (insluitende inligting);
- Voldoening aan toepaslike wetgewing, regulasies en toesighoudende vereistes;
- Die ondersteuning van besigheid onder normale sowel as negatiewe bedryfstoeestand;
- Die betroubaarheid van rapportering; en
- Verantwoordelike gedrag teenoor alle aandeelhouers.

REKENINGKUNDE EN OUDITERING

Daar is gereelde interaksie en konsultasie tussen interne en eksterne ouditeure, sowel as ander versekeringsverskaffers, byvoorbeeld die gehalteversekeringsfunksie in die eis- en onderskrywingsafdelings en die voldoeningsbeampte. Koördinering van pogings sluit in periodieke vergaderings om sake van gemeenskaplike belang en moontlike risikogebiede te bespreek en werksdokumente, bestuursbriewe en verslae uit te ruil.

Die Risiko- en Ouditkomitee het die onafhanklikheid van die eksterne ouditfunksie oorweeg, spesifiek ten opsigte van die nie-ouditdienste wat gelewer is. Nie-ouditdienste wat die eksterne ouditeur gelewer het, het R894 000 beloop en bestaan uit belastingvoldoeningsoorsigte, bystand met *Value Reporting*, waardasies vir kapitaalwinstbelasting-doeleindes, mede-uitkontraktering van die interne oudit van inligtingstegnologiese stelsels, gehaltebeheeroorsigte van eisverwerkings en ander soortgelyke opdragte.

LOPENDE SAAK

Die finansiële state van Santam Groep Bpk., wat op bladsy 27 tot 46 uiteengesit word, word op die lopendesaa grondslag opgestel. Die direkteure het oorweging geskenk aan 'n aantal feite en omstandighede ten einde te bepaal of die maatskappy aan die lopendesaa vereistes voldoen. In die evaluering het die direksie nie slegs oorweging geskenk aan voor die hand liggende sake soos die solvensieposisie nie, maar ook hul oorweging uitgebrei om vroeë waarskuwingstekens in te sluit wat twyfel kan wek oor die toekomstige lewensvatbaarheid van die besigheid. Die faktore het byvoorbeeld korporatiewe bestuur, bestaande prosesse en beheerpunte, finansiële resultate en die vertoning van die aandeelprys ingesluit.

Nadat hulle dié faktore oorweeg het, meen die direkteure dat daar voldoende middele is om die besigheid in die voorsienbare toekoms voort te sit. Die direkteursverklaring van die maatskappy as 'n lopende saak word in hul verslag op bladsy 26 van die jaarverslag uiteengesit.

'n Volhoubare, beter toekoms

2002

'n Volhoubare, beter toekoms

Korporatiewe burgerskap

1. INLEIDING

Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) bied 'n unieke geleentheid aan Suid-Afrika om die siklus van armoede en onderontwikkeling te verbreek, sowel as om die marginalisering van die voorheen benadeelde groepe in die land om te swaai. Sodanige nasionale poging sal die land op die pad na hernuwing en volhoubare ekonomiese groei plaas.

Die maatskappy beskou die poging om die ekonomiese bemagtiging van voorheen benadeelde groepe tot stand te bring as 'n integrale deel van die proses om 'n waarlik Suid-Afrikaanse maatskappy en 'n voorste korporatiewe burger met al die geassosieerde implikasies daarvan te word. Die verbintenis verplig hom om SEB holisties te benader en al die aspekte in ons maatskappy wat nie behoorlike verteenwoordiging gehad het nie, aan te spreek.

2. DOELWITTE VAN DIE BEMAGTIGINGSBELEID

Die strategiese posisionering van die maatskappy ten opsigte van die bemagtiging van die voorheen benadeelde mense van Suid-Afrika behels 'n aantal inisiatiewe. Die inisiatiewe sal poog om die maatskappy se missie: "die verskaffing van innoverende risikobestuursoplossings en die skep van uitmuntende en volhoubare waarde vir sy aandeelhouers", te behaal deur:

- Bystand te lewer met die breër doelwit van ekonomiese ontwikkeling van die land in die geheel deur welvaart te skep, armoede te verlig en bystand te lewer met die bestuur van die risiko vir alle vlakke van die samelewing.
- Die maatskappy te posisioneer en in staat te stel om aktief betrokke te wees by die bemagtiging van diegene wat gelyke toegang tot die middele van die land sowel as gelyke geleenthede in die ekonomie ontnem is.
- Die verbintenis van die maatskappy se direksie, sy bestuur en sy personeel om aan te pas by SEB in die gees van die Grondwet en veral die SEB-kommissie, wat al die inisiatiewe in die konteks van die land se nasionale transformasiepoging, die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP), plaas.
- Voorheen benadeelde individue en entiteite te fasiliteer en ondersteun ten einde besigheid te doen met die maatskappy as hul vennoot deur kennis, middele, ervaring en vaardighede in die groepe te deel.
- Ekonomiese, sosiale en politieke invloed te gebruik om die bemagtiging van gemarginaliseerde groepe te implementeer.

3. BEGINSELS VAN SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die maatskappy se SEB-beleid en -kultuur word in die volgende beginsels weerspieël:

- Aktiewe, sigbare en energieke betrokkenheid by die proses deur die hele bestuur, wat begin by die uitvoerende bestuurskomitee.
- SEB word beskou as 'n veelsydige proses wat gegrond is op verskeie pilare wat die implementeringsvelde uitmaak.

- In die implementering van die proses moet 'n kultuur wat bevorderlik is vir SEB deur die hele maatskappy sytel en die totale werksmag op alle vlakke insluit. Dit word gedoen deur:

- Die instel van meetbare teikens en mylpale,
- Die ontwerp van toepaslike bestuurstelsels en -prosedures in elkeen van die pilare, en
- Die identifisering van ondersteuningspunte, kommunikasie- raamwerke en -prosesse, asook weerstandspunte.

- Daar word van lynbestuur verwag om die korporatiewe SEB-doelwitte en -strategieë in hul eie departemente/ besigheidseenhede se funksionele optrede te omskep en te implementeer.

- Volgehoue maar realistiese meganismes ('n gesonde balans tussen wortel en stok) sal geïmplementeer word ten einde prestasie ten opsigte van SEB-doelwitte en mylpale te verseker. Die is nie slegs van toepassing op die meetbare nie, maar ook op die sagter kwalitatiewe aspekte van die maatskappy se kulturele transformasie.

- Produktiewe SEB-doelwitte in die maatskappy word by die maatskappy se besigheidsdoelwitte geïmplementeer sodat SEB nie as 'n losstaande proses beskou word nie.

- Daar word verwag dat al die verskaffers en sakevennote van die maatskappy aan basiese vereistes ten opsigte van SEB in al hul komponentgebiede voldoen.

4. DIE DRYFKRAG VAN SEB

Die belangrikste dryfvere vir die maatskappy se SEB-strategie het ontstaan uit die SEB-kommissieverslag. Dit sluit in eienaarskap en bestuur, kommersiële gelykheid, billike indiensneming en korporatiewe sosiale investering. Die mate waartoe die maatskappy aan bedryfstandaarde en -norme voldoen, is verskillend in elkeen van die gebiede.

4.1 BESTUUR

Een van die opvallendste aanduidings van die oneweredigheid van toegang tot geleentheid en welvaart in die land is die eienaarskap van ekwiteit in die korporatiewe sektor in Suid-Afrika. Santam is geen uitsondering nie. Die maatskappy beskou dit nie slegs as kommerwekkend nie, maar werk voortdurend aan die bemagtiging van vennote in die versekeringsbedryf op makelaars- en onderskrywingsvlak. Onlangse veranderings in die samestelling van sy direksie weerspieël die ywer waarmee dié bestuursaangeleentheid nagestreef word. Baie moet nog gedoen word om ten volle aan die gees van die SEB-kommissie se riglyne ten opsigte van eienaarskap in die maatskappy te voldoen.

4.2 KOMMERSIËLE GELYKHEID

Daar is nêrens in die maatskappy meer ruimte vir bemagtiging as op die gebied van ontwikkeling en ondersteuning van besighede in die voorheen benadeelde gemeenskappe nie. Die geleentheid word geskep deur die verkryging van die maatskappy se goedere en dienste. In die geval van korttermynversekering maak die betaling van eise voorsiening vir bykomende besteding, wat die geleentheid vir bemagtigingsverskaffers uitbrei. Die maatskappy is nie slegs betrokke by die verkryging van goedere nie, maar ook by die ontwikkeling van besighede in die sektor vir klein, medium en mikro-ondernemings. Hy sal 'n groter poging aanwend om die verskaffingspotensiaal, en dus die welvaartgenererende vermoë van die bemagtigingsgebied uit te brei.

'n Volhoubare, beter toekoms

Die maatskappy is regstreeks betrokke by die bevordering en doeltreffende ontwikkeling van verskaffers en kontrakteurs uit voorheen benadeelde gemeenskappe. Die beleid van kommersiële ekwiteit stel die maatskappy in staat om sy SEB-beleid te ondersteun deur die volgende te doen:

- Probleme vir voornemende verskaffers te verminder.
- Voldoende inkoop te vestig en die nodige ontwikkelingsplatforms te skep vir ondernemings onder swart bestuur.
- Voorheen benadeelde ondernemings en individue sodanig te posisioneer dat hulle in staat is om mee te ding.
- Die SEB gesamentlike onderneming inisiatiewe te ondersteun.
- Ondersteuning van vennootskappe en skakelings in die korttermynversekeringsbedryf en in die algemene gebiede van verkryging.
- Die formulering van innoverende strategieë ten einde die uitvoering van SEB te versnel.
- Die instandhouding en bywerking van 'n databasis vir betroubare SEB-ondernemings.

Met die implementering van 'n beleid vir *regstellende verkryging* word met sorg bepaal of 'n onderneming in die ware sin van die woord as SEB beskou kan word. In dié opsig moet dit 'n regsentiteit wees en by die Departement van Binnelandse Inkomste geregistreer wees. Sodanige onderneming moet 'n

kommersiële nuttige funksie verrig. Insgelyks doen die maatskappy noukeurige ondersoek na al sy sakevennote ten opsigte van hul ondersteuning van die ontwikkeling en bemagtiging van besigheid uit voorheen benadeelde groepe. In dié verband word subkontraktering en gesamentlike ondernemings met SEB-ondernemings as belangrike kwalifiserende kriteria beskou vir die toekenning van kontrakte aan gevestigde ondernemings.

4.3 EKONOMIESE BEMAGTIGING DEUR BILLIKE INDIENSNEMING

Die maatskappy beskou billike indiensneming as 'n kritieke element in sy poging om 'n waarlik Suid-Afrikaanse maatskappy te word. Dit is onontbeerlik in die bereik van ons visie om in die konteks van korttermynversekering 'n *risikobestuurder van internasionale gehalte* te wees. Dit is 'n geleentheid om die maatskappy strategies te plaas om sy besigheidsdoelwitte te verwesenlik binne die raamwerk van die bestaande wetgewing oor indiensneming. Dit word dus beskou as 'n sakebeginsel vir *volhoubare wins en nie slegs voldoening aan die wetgewing oor billike indiensneming nie*.

Die maatskappy is oortuig dat individue die reg het op waardigheid, respek en die realisering van hul volle potensiaal in die werksomgewing. Te dien einde verbind die direksie, uitvoerende komitee en bestuurskomitee hulle daartoe om in die hele maatskappy billike indiensneming te verwesenlik.

SANTAM SE PERSONEELSAMESTELLING OP DESEMBER 2001 EN 2002

Beroepsvlak	Swart		Kleurling		Indiër		Blank		Totaal	
	2002	2001	2002	2001	2002	2001	2002	2001	2002	2001
MANLIK										
Uitvoerende bestuur	0	0	1	1	0	0	15	14	16	15
Senior bestuur	5	4	4	2	4	3	146	154	159	163
Professioneel	3	7	33	39	22	23	332	343	390	412
Geskool en toesighoudend	44	42	42	63	18	28	121	138	225	271
Halfgeskool	109	130	92	98	20	23	98	117	319	368
Ongeskool	5	9	0	0	0	0	0	0	5	9
Totaal	166	192	172	203	64	77	712	766	1114	1238
VROULIK										
Uitvoerende bestuur	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur	1	0	1	1	0	0	29	19	31	20
Professioneel	2	2	10	15	7	6	172	179	191	202
Geskool en toesighoudend	15	21	49	40	25	34	410	396	499	491
Halfgeskool	111	113	175	182	47	57	460	527	793	879
Ongeskool	25	23	3	3	0	0	0	0	28	26
Totaal	154	159	238	241	79	97	1071	1121	1542	1618
TOTAAL										
Uitvoerende bestuur	0	0	1	1	0	0	15	14	16	15
Senior bestuur	6	4	5	3	4	3	175	173	190	183
Professioneel	5	9	43	54	29	29	504	522	581	614
Geskool en toesighoudend	59	63	91	103	43	62	531	534	724	762
Halfgeskool	220	243	267	280	67	80	558	644	1112	1247
Ongeskool	30	32	3	3	0	0	0	0	33	35
Totaal	320	351	410	444	143	174	1783	1887	2656	2856

'n Volhoubare, beter toekoms

'n Grondbeginsel van die billike indiensnemingstrategie is die feit dat, hoewel stewige teikens vir die maatskappy in die geheel gestel word, die klem nie suiwer op getalle is nie. Dit is van kritieke belang dat die totale indiensnemingsproses meer holisties beskou word en kultuur, lojaliteit, diversiteit, vaardigheid en uitnemendheid insluit en die konteks verskaf waarin elkeen van die teikens nagestreef kan word. Slegs as dié benadering gevolg word, sal die maatskappy die beste menslike hulpbronne *trek en behou*. Verdere belegging in die ontwikkeling van die poel menslike kapitaal sal die maatskappy se posisie as voorkeurwerkgever verbeter.

Billike indiensneming is 'n onmisbare komponent van die maatskappy se besigheidstrategie om hom toepaslik te posisioneer in 'n diverse mark ten einde 'n voorkeurwerkgever en 'n risikobestuurder van internasionale gehalte te word.

Die maatskappy se beweegrede vir billike indiensneming is gegrond op sy waardering vir diversiteit en erkenning van die behoefte om 'n bydrae te lewer tot die regstelling van die wanbalanse van die verlede wat die Wet op Billike Indiensneming¹ vereis. Die spesifieke doelwitte van die BI-beleid is om:

- Te verseker dat die maatskappy nie 'n rassistiese of seksistiese organisasie is nie;
- Onregverdige diskriminasie van watter aard ook al, insluitende diskriminasie gegrond op ras, geslag en/of gestremdheid² uit te roei;
- Prosedures daar te stel ten einde te verseker dat enige ongelykhede in werknemerbeleid of menslike hulpbronpraktyk in die maatskappy nie in die toekoms plaasvind nie.
- Toereikende verteenwoordiging van persone uit aangewese groepe³ in alle departemente/streke en op alle vlakke in die maatskappy te verseker.
- Riglyne daar te stel vir alle beleid en prosedures vir werwing, keuring, aanstelling, opleiding en ontwikkeling, sowel as die bevordering van personeel;

- Alle individue aan te moedig om diversiteit te respekteer;
- Onderlinge aanvaarding aan te moedig;
- Te verseker dat elke werknemer met dieselfde respek en belangstelling hanteer word; en
- Te verseker dat uitnemendheid in besigheid behaal en gehandhaaf word.

Die maatskappy se BI-beleid fokus op drie belangrike gebiede om mettertyd sy algehele doelwitte te behaal. Die drie gebiede behels:

- Die kweek van 'n kultuur waarin billike indiensneming en diversiteit in die geheel gekoester, gerespekteer en gewaardeer word as 'n integrale en noodsaaklike deel van die maatskappy se groeistrategie vir volhoubare wins;
- Konsentrasie op die gebruik van beskikbare geleenthede om diversiteit en die verteenwoordiging van die aangewese groepe, veral swart⁴ personeel, te verhoog; en
- Die verbetering van die behoud van mense uit die aangewese groepe (2002 se totale personeelomset was 14.6%; 21% ten opsigte van swart personeel).

Die maatskappy se bestuur het ooreengekom op duidelike algehele BI-doelwitte vir die hele maatskappy en meer spesifieke doelwitte vir afdelings en besigheidseenhede. Anders as tevore is bestuurders in die prestasiebestuursproses beter individueel gekontrakteer om billike indiensnemingsmikpunte en -doelwitte te verwesenlik. Dié prestasie-mikpunte en doelwitte, tesame met ander doelwitte, word aan die maatskappy se prestasie-aansporingskema gekoppel. Om vordering te monitor, moet bestuurders elke drie maande van hul BI-vordering verslag doen.


'n BI-bestuurskomitee is ingestel om momentum aan die implementering van die maatskappy se strategie te verleen en vordering te monitor. 'n Nasionale forum en streeksforum wat uit werknemervertenwoordigers bestaan, is herverkies en opgelei.

¹ Nr. 55 van 1998 – WBI.

² Die WBI omskryf ongeskiktheid as “langtermyn of herhalende fisiese of verstandelike ongeskiktheid wat die vooruitsig op toetreding tot of bevordering in indiensneming in wese beperk”.

³ Die WBI omskryf aangewese groepe as “swart mense (Swart, Kleuring of Indiër), vrouens en mense met gebreke”.

⁴ Swart mense soos in die WBI gedefinieer word, “is 'n generiese term wat Swart, Kleuring en Indiër beteken”.



'n Volhoubare, beter toekoms

In 2002 is die maatskappy se BI-teikens hersien en realistiese teikens gestel in die lig van die voortdurende herstrukturierungs- en afskalingsproses. Topbestuur het ook 'n meer pro-aktiewe benadering gevolg tot die aanmoediging van die implementering van BI deur alle senior aanstellings en bevorderings te bekragtig.

Daar word gepoog om alle inisiatiewe ten opsigte van billike indiensneming, gelyke verkryging en korporatiewe sosiale belegging by mekaar aan te pas as deel van die maatskappy se swart ekonomiese bemagtigingstrategie. Dit sal weselike inset verskaf en die versekeringsbedryf se bemagtigings-handves ondersteun.

4.4 EKONOMIESE BEMAGTIGING DEUR KORPORATIEWE SOSIALE INVESTERING (KSI)

Die maatskappy is verbind tot die voortsetting van sy betrokkenheid by die ontwikkeling van die samelewing in die geheel deur teikenprogramme en inisiatiewe. Waar die eersgenoemde mediumtermyn en volhoubare betrokkenheid behels, behels laasgenoemde meer buigsame korttermyn optredes wat deur veranderde omstandighede en krisis in die samelewing genoodsaak word.

Dit is Santam se oortuiging dat 'n organisasie slegs kan bestaan indien die gemeenskap waarin dit bedrywig is, dit toelaat om te bestaan, en dat 'n maatskappy se KSI-program onlosmaaklik deel moet wees van die sakeplan en verwante sakedoelstellings. Bowenal moet dit die handelsnaam se waardes weerspieël.

Ons glo dat die sukses van ons KSI-strategie regstreeks gekoppel is aan ons doeltreffende ondersteuning in die vorm van mentorskap, toegang tot vaardighedsontwikkeling, inligting, hulpbronne en finansiële bystand.

Selfs die vermaak by die finaal van die hoërskole se entrepreneursprojek word deur leerders verskaf.

Ons is trots op die gees van gesonde vennootskappe wat die afgelope paar jaar tot stand gebring is, en ons sal voortgaan om dit te bevorder en te koester.

Santam se korporatiewe sosiale investeringsprogram bied die maatskappy die geleentheid om sy naam as 'n sorgsame, verantwoordelike en waarlik Suid-Afrikaanse korporatiewe burger gestand te doen. Die program is nie geskoei op "tjekboekwelsyn" nie. Inteendeel, dit is gefokus op die daartelling van betekenisvolle vennootskappe met voorheen gemarginaliseerde gemeenskappe deur kennisbemagtiging en oordrag van vaardighede, en het die beginsel van selfhelp en volhoubaarheid as grondslag.

Santam se KSI-fokus is gerig op die totstandkoming en handhawing van onderling voordelige vennootskappe tussen die maatskappy, die breë samelewing en die regering.

Santam het reeds die afgelope twee jaar onderneem om sy KSI-werksaamhede strategies te posisioneer en weg te beweeg van ad hoc-vorme van betrokkenheid. Ons is besig om toenemend kragte saam te snoer om probleme van

plaaslike én nasionale belang op te los. In hierdie verband het Santam hom op opvoeding op skool- sowel as tersiële vlak toegespits, met 'n sterk invloed op die behoeftes van die samelewing. So ver moontlik het die plasing van dié programme op die gebied van die finansiële dienste- en entrepreneursektor geskied.

ENTREPRENEURSPROJEK VIR HOËRSKOLE

Ses jaar gelede is hoërskoolleerders in die Wes-Kaap deur middel van dié program aan die uitdaging van entrepreneurskap blootgestel deur deel te neem in 'n kleinsake-onderneming wat Santam beoordeel het. Samesprekings met die Tygerberg-kollege en die Departement van Onderwys het daartoe gelei dat die projek na al nege die provinsies in Suid-Afrika, asook Namibië, uitgebrei het. Die aantal leerders wat daardeur geraak word, het van 50 tot 76 250 (in 2002) toegeneem.

In vennootskap met die Departement van Onderwys en die Stigting vir Ekonomiese en Sake-ontwikkeling (Febdev) neem geselekteerde Graad 8-leerkragte deel aan 'n nasionale opleidings-, mentor- en ondersteuningsprogram in die vakgebied ekonomiese en bestuurswetenskappe – as deel van die nuwe stelsel van uitkomsgebaseerde onderwys. Werksessies word met onderwysers gefasiliteer wat ten volle op hul skoolleerplanne gerig is. Onderrighulpmiddels word aan onderwysers én leerders beskikbaar gestel. Die program se hoogtepunt is 'n Markdagkompetisie wat deur die Departement van Onderwys beoordeel word. Die seëvierende "ondernemings" neem in 'n nasionale toekenning-seremonie deel waar kontant- en aanspingspryse toegeken word.

OPLEIDING IN FINANSIËLE BESTUUR VIR DIE VROËEKINDERJARE-ONTWIKKELINGSEKTOR

Weens 'n dringende behoefte aan groter finansiële en bestuursvaardighede in die vroeë kinderjare is werkwinkels vir praktisyns in vroeë kinderjare-ontwikkeling in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap georganiseer.

Die projek het in die Wes-Kaap ontstaan, waar tot dusver 250 praktisyns opgelei is. Teen 'n praktisyn/leerder ratio van 1:50 is reeds 12 500 kinders geraak.

In die Oos-Kaap is 17 veldwerkers van die Departement van Onderwys opgelei om personeel by skole of sentrums wat hy ondersteun (wat 'n databasis van 500 onderwysers het) op te lei, waardeur meer as 300 000 kinders in kwasi-landelike gebiede geraak word.

'n Soortgelyke opleidingsprogram is in die Noord-Kaap aan die gang. Die vroue wat opgelei word, sal opleiers word sodat hulle ander vroue op voorskoolse gebied kan oplei. Die projek is daarop gemik om minstens 200 skole en sentrums te bereik, waardeur ongeveer 300 000 kinders betrek sal word.

SANTAM SE KINDERKUNSKOMPETISIE

Santam se kinderkunskompetisie is 'n viering van die spontaneiteit van kinderkuns en bied 'n blik op die wêreld deur die oë van die kind. Die kinderkunsprojek, wat in 1963

Ontluikende entrepreneurs moet hul sakeplanne tydens 'n Markdag-kompetisie aan 'n onafhanklike paneel beoordeelaars voorleë.

'n Volhoubare, beter toekoms

van stapel gestuur is met die doel om belangstelling in kinderkuns te stimuleer en te bevorder, vier vanjaar sy 40ste bestaansjaar.

Die kompetisie, waaraan alle leerders vanaf preprimêr tot matriek kan deelneem, lok jaarliks sowat 5 000 inskrywings deur deelnemers van skole oral in Suid-Afrika. Sedert sy ontstaan het sowat 600 000 kinders reeds aan die kompetisie deelgeneem.

In 1991 het die Santam-kinderkunsprojek 'n Golden World-toekenning van die Internasionale Vereniging vir Openbare Betrekkinge (IPRA), wat in Genève gesetel is, ontvang – tot dusver die enigste Suid-Afrikaanse maatskappy wat hierdie eer te beurt geval het.

Van 1993 tot 1999 het die kinderkunsprojek internasionale beslag gekry danksy 'n vennootskap tussen Santam en die Departement van Buitelandse Sake. Die kompetisie het inskrywings deur kinders van 30 lande gelok, en die hoogtepunt daarvan was 'n internasionale reisuittelling van geselekteerde kunswerke.

Die kompetisie was die afgelope paar jaar gerig op die ontwikkeling van die kreatiwiteit van Suid-Afrikaanse talent en om deur landswyse reisuittellings 'n toonvenster vir die werk van ons jong kunstenaars te skep.

Santam se kinderkuns kalender, waarin geselekteerde kunswerke pryk, word vir 'n donasie van R10 aan die publiek beskikbaar gestel. Die opbrengs word gebruik om fondse vir informele kunsklasse vir kinders uit histories benadeelde gemeenskappe oral in die land beskikbaar te stel.

TERSIERE PROJEK-KOMPETISIE

Santam glo daaraan om betekenisvolle vennootskappe te smee. 'n Goeie voorbeeld is die verhoudinge wat deur middel van dié projek oor etlike jare met verskillende tersiere instellings opgebou is.

Jaarliks word drie toekennings van R50 000 aan tersiere instellings beskikbaar gestel. Dit stel hulle in staat om 'n gemeenskapontwikkelingsprogram uit te voer deur van die vaardighede en kundigheid van akademiese personeel gebruik te maak, gepaard met die praktiese betrokkenheid van die gemeenskappe.

Toekennings wat tussen 1996 en 2002 gedoen is:

Universiteit van Pretoria
Technikon Pretoria
Potchefstroomse Universiteit
Klerksdorp-kollege
Technikon Natal
Midlands Gemeenskapkollege
Universiteit Port Elizabeth
Technikon Port Elizabeth
Universiteit van die Vrystaat
Technikon Vrystaat
Universiteit Stellenbosch
Technikon Kaap
Universiteit van die Wes-Kaap

SANTAM/WECBOF ADOPT-A-SHOP

In vennootskap met die Wes-Kaapse Besigheidgeleentheidsforum (Wecbof) het Santam opkomende motorherstelwerk-entrepreneurs geïdentifiseer aan wie elk 'n gevestigde en suksesvolle werkwinkeleienaar as vennoot toegeken is.

Deelnemers voltooi 'n vaardighedsopleidings- en mentor-skapprogram wat spesifiek op hul behoeftes gerig is. Die doel van die projek is om hulle dienslewingsvlak te verhoog sodat dit aan aanvaarbare bedryfstandaarde voldoen. Dit stel hulle in staat om deur middel van die Santam-paneel werk te bekom en uiteindelik hul eie volhoubare, onafhanklike en suksesvolle kleinsakeondernemings te bestuur.

4.5 MONITERING VAN VORDERING

In 'n poging om verby die punt te beweeg om 'n goeie papierbeleid hê, het die maatskappy 'n proses van stapel gestuur om mylpale te stel volgens 'n goed ontwerpte model wat die Korporatiewe Burgerskapbestuur-gradering (KBBG) genoem word. Dit verskaf 'n evalueringsraamwerk vir die evaluering en bestuur van al die elemente van korporatiewe burgerskap. Dit sal die maatskappy in staat stel om te bepaal tot watter mate korporatiewe burgerskapbestuurstelsels afgehandel is en hoe doeltreffend dit is. 'n Sekondêre voordeel is dat KBBG as inset dien vir die bepaling van aanduidings- en prestasietekens, wat weer 'n integrale deel van die rapporteringsproses is.

Kortom het ons die KBBG-raamwerk van stapel gestuur ten einde die maatskappy in staat te stel om sy huidige vertoning te evalueer, 'n plan vir verbetering en implementering van bestuurstelsels te ontwerp, rapporteringskodes en -doelwitte uiteen te sit en die proses vir die ingrawing van korporatiewe burgerskap as 'n manier om sake te doen, van stapel te stuur.

5. SLOT

Ten einde sy visie te verwesenlik om 'n risikobestuurder van internasionale gehalte in die korttermynversekeringsbedryf te wees en terselfdertyd die eienskappe van 'n ware Suid-Afrikaanse maatskappy te weerspieël, is die maatskappy daartoe verbind om 'n waardige korporatiewe burger te wees. Gevolglik is die maatskappy positief oor sy vermoë om die vlakke van deelname en die ontwikkeling van histories gemarginaliseerde persone in die eienaarskap, bestuur en beheer van ekonomiese middele van die land te verhoog. Dit sal 'n deurlopende verbeteringsproses wees.

Etiese praktyk en organisatoriese integriteit

ETIESE KODE

In die realisering van die maatskappy se visie is dit belangrik dat elkeen in die maatskappy uitnemendheid behaal en dat ons ons leierskapsposisie as 'n korttermynversekerer behou. Om uitnemendheid te bereik en die beste gehalte werknemers te lok, is slegs moontlik indien die werksomgewing sonder diskriminasie is en gebou is op die fondasies van hoë etiese standaarde en persoonlik integriteit.

Die maatskappy se Etiese en Gedragskode, waaraan alle werknemers en strategiese sakevennote moet voldoen, bevat korporatiewe praktyk wat toegepas word in die uitvoer van ons sake. Dit dien as riglyn vir gedrag wat aanvaarbaar is, bemoedig moet word en waar moontlik in die toekoms aangevul moet word soos omstandighede en wetgewing noodsaak. Bestaande beleid en reëls verleen verdere ondersteuning aan die maatskappy se Gedragskode; gebrek om daaraan te voldoen kan aanleiding gee tot dissiplinêre stappe teen individue en/of groepe.

Ons prestasies het nog altyd en sal steeds ontwikkel word op die verhouding tussen die maatskappy as 'n werkgewer, sy werknemers en die gemeenskap waarin hy werksaam is.

'n Volhoubare, beter toekoms

Die kern van die kode is:

- Om op 'n openlike, eerlike en regverdige wyse teenoor alle belanghebbendes op te tree
- Om gelyke geleenthede aan almal te bied en geen teistering of diskriminerende praktyke te duld nie
- Om persoonlike oortuigings, waardes, norme en kulturele verskille te respekteer
- Om die hoogste standaard van integriteit en vertroulikheid te handhaaf
- Om konsekwent alle wetlike en morele verpligtinge na te kom
- Om in belang van die maatskappy op te tree en die gestelde doelwitte met ywer na te streef.

WERWING

As 'n gelykegeleentheidwerknemer bevorder die maatskappy gelyke en billike indiensnemingsgeleenthede vir almal. Ons bevorder diversiteit in die werkplek en ten opsigte van kultuur deur ons beleid en praktyk vir werwing, behoud en bevordering en soek steeds na individue wat uitnemende waarde en kennis kan bied.

Ooreenkomstig ons missie en waardes poog ons om hoogs talentvolle en toegewyde mense te lok wat 'n ware bydrae tot ons voortgesette sukses kan lewer en idees kan genereer wat 'n ware mededingende voordeel kan ontwikkel.

In die lig daarvan dat ons besigheid die lewering van 'n gespesialiseerde diens behels wat op onderlinge vertroue en stewige menseverhoudings gegrond is, plaas die maatskappy besondere klem op menseverhoudings in die werwing en aanstelling van werknemers wat innoverende oplossings in die omgewing aan die kliënt kan bied.

Ten einde personeelbuigzaamheid en -ontwikkeling te bevorder, oorweeg ons gewoonlik bestaande, gekwalifiseerde werknemers vir ons vakante poste. Ons verwelkom egter ook eksterne kandidate vir geleenthede op alle vlakke in die organisasie, veral wanneer spesifieke vaardighede vereis word.

Die maatskappy se keuringsproses is streng, maar regverdig aangesien die maatskappy verbind is tot die instandhouding van beste-praktykstandaarde ten einde toepaslike mense te lok. Om 'n konsekwente en doeltreffende diens te lewer, poog ons om die risiko van verkeerde keuses so laag moontlik te hou deur doeltreffende keuringshulpmiddels te gebruik. Dit sluit in gestruktureerde onderhoude, psigometriese toetse en verwysingskontrolerings.

Veiligheid, gesondheid en die omgewing

OMGEWINGSBELEID

As 'n korttermynversekeraar is dit die maatskappy se verantwoordelikheid om die bates van sy polishouers en die beleggings van sy aandeelhouers te beskerm. Onderliggend aan die materiële oorwegings is egter ook 'n verbintenis tot die beskerming van ons gedeelde natuurlike bates.

Die maatskappy erken dat ons omgewing aan ons lewe verskaf en lewe ondersteun, en dat dit ons verantwoordelikheid is om dit te beskerm en die volhoubare gebruik daarvan te verseker.

PROEKT VAN SANTAM/CAPE ARGUS UKUVUKA:
Operasie Brandstop-program, wat ná die verwoestende brande van 2000 begin is, strek oor die hele Kaapse Skiereiland. Deur sy fokus op die uitroei van uitheemse indringerplante op die bergreeks, speel die program 'n beduidende rol in werkskepping en die voorkoming van brande.

In dié verband is ons een van die stigtersborge van die Santam / Cape Argus Ukuvuka: Operasie Brandstop Veldtog, wat geïmplementeer is nadat verwoestende brande in Januarie 2000 in die suidelike dele van die Kaapse Skiereiland gewoed, 9 000 ha plantegroei verwoes, en talle voorstede bedreig het.

Ukuvuka fokus op drie sleutelteikengebiede:

- Die grond en die plantegroei: om uitheemse indringerplante te beheer en vuurbeskadigde gebiede te rehabiliteer.
- Gemeenskappe en individue: om werk te skep, opleiding en die verligting van armoede onder voorheen benadeelde mense, om die mees weerlose gemeenskappe teen brande te beskerm en samewerking en sosiale kohesie tussen gemeenskappe te bevorder.
- Instellings: om te help met die implementering van geïntegreerde brandbestuurplanne en die bestuur van grond wat aan beboude areas grens.

Die maatskappy se finansiële verbintenis tot die veldtog – R10 miljoen oor vier jaar – verstryk teen die einde van Desember 2003.

MIV/Vigs

Die maatskappy erken dat MIV/Vigs tans een van die mees verwoestende gesondheidstoestande is wat die gesondheid van miljoene persone in die wêreld beïnvloed.

Dit is dus van kritieke belang dat die maatskappy alle situasies waar MIV/Vigs 'n uitwerking op die werkplek kan hê, voorsien en ten opsigte van die situasies pro-aktief optree. Die maatskappy se MIV/Vigs-beleid se sleuteldeelwitte is die volgende:

- Die versekering van ekwiteit tussen werknemers.
- Die bevordering en instandhouding van 'n menslike en deernisvolle houding teenoor werknemers wat MIV/Vigs het of daardeur beïnvloed word.
- 'n Werksomgewing te skep wat bevorderlik is vir openlikheid sonder vrees vir vooroordeel, stigma of verwerping.
- Die verskaffing van toegang tot programme vir sorg en ondersteuning.
- Die beperking van die verdere verspreiding van MIV/Vigs deur alle werknemers op te voed.

Die maatskappy streef daarna om 'n omgewing te skep om bogenoemde doelwitte te verwesenlik.

'n Volhoubare, beter toekoms

Menslike kapitaal

Een van die maatskappy se vyf belangrikste doelwitte is om menslike kapitaal so vinnig moontlik te ontwikkel deur te fokus op beter organisatoriese vaardighede, prestasiemaatstawwe en optimale behoud- en werwingstrategieë.

WERKNEMERONTWIKKELING EN -OPLEIDING

Ons benadering tot werknemerontwikkeling en opleiding poog om aan alle personeel die geleentheid te bied om hul volle potensiaal tot hul eie voordeel en dié van die maatskappy te ontwikkel. Dus bied ons 'n wye verskeidenheid opleidings- en ontwikkelingsinisiatiewe.

Ons het regstreeks deelgeneem aan die stigting van die Insurance Sector Education and Training Authority (Inseta), die funksionele komitees en strukture en die ontwikkeling en implementering van 'n vaardigheidsontwikkelingstrategie vir die versekeringsbedryf in die geheel. Die maatskappy ondersteun nie slegs die Inseta-projekte nie, maar het ook 'n aktiewe rol in projekspanne gespeel deur bystand te lewer met die skryf van standaarde, indiensopleiding en die evaluering van materiaal. Die maatskappy is as 'n opleidingsverskaffer geakkrediteer en 'n aantal vakleerlingskappe is goedgekeur. Vaardigheidsevalueerders is opgelei en vier diskresionêre toekennings is deur die Inseta goedgekeur vir maatskappyverwante vaardigheidsontwikkelingsprojekte.

Klem op die ontwikkeling van ons toesighouers en bestuurders het gelei tot die implementering van 'n leierskapsontwikkelingstrategie. Dit bestaan uit evaluering op verskillende vlakke en ontwikkeling deur 'n reeks interne leierskaps- en bestuursprogramme, aangevul met leierskapsprogramme deur eksterne diensverskaffers en bestuurskole. Dit sluit in die Inseta-leierskapsontwikkelingsinisiatief en 'n leierskapsontwikkelingsvennootskap met Sanlam. Die leierskapsontwikkelingstrategie word met opvolgbestuur geïntegreer om talentpoele in die maatskappy te verskaf.

Die tyd wat aan opleiding toegeken word, is gemiddeld vier dae per werknemer per jaar en opleidingskoste beloop sowat 3.96% van die jaarlikse betaalstaat.

PRESTASIEBESTUUR

Ons het vertroue in voortgesette verbetering, dus is dit 'n deurlopende proses om praktyk te hersien en verbeter as 'n weerspieëling van ons voorneme om 'n prestasie- en resultaatgedrewe kultuur te koester. Dit word weerspieël in 'n geïntegreerde prestasiebestuursproses wat die stel van doelwitte, ontwikkelingbespreking, prestasie-oorsigte en formele prestasie-evaluering insluit, ondersteun deur 'n prestasiebestuurstelsel wat aan vergoeding en aansporings gekoppel is. 'n Aantal opnames in die breër arbeidsmark met spesifieke fokus op en verwysing na die finansiële en verskeringsbedryf word ook as maatstaf in ons praktyk gebruik.

WERKNEMERVERHOUDINGS

Die maatskappy erken die belang van gesonde werknemerverhoudings as die hoeksteen om die hoogste moontlike besigheidresultate te behaal. Dit is van kritieke belang om die werkgewer-werknemer-verhouding voortdurend te fasiliteer op sodanige wyse dat die hoogste moontlike sinergieë tussen die verskillende belanghebbers behou word.

Om dit te behaal is die maatskappy verbind tot:

- Die verskaffing van advies en ondersteuning aan werknemers ten opsigte van menslike hulpbronaangeleenthede.
- Kommunikasie wat betyds, eerlik en openlik is.
- Vryheid van spraak.
- Werknemers se reg op vrye assosiasie.
- Die erkenning dat vakbonde deel is van normale bestuurs- en arbeidsverhoudinge. Te dien einde het die maatskappy 'n formele erkenningsooreenkoms met die finansiële vakbond SASBO.
- Die implementering van billike dissiplinêre prosedures indien daar afwykings van ons etiese kode, beleid, reëls en regulasies is.
 - Voldoening aan alle tersaaklike wetgewing soos die Arbeidswet (Wet Nr 66 van 1995) en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet Nr 75 van 1997).

'n Eksterne private konsulerende en diensfirma bedryf dié vertroulike program. Die gratis diens is aan alle permanente werknemers van die maatskappy beskikbaar.

BYSTANDSPROGRAM VIR WERKNEMERS

Die maatskappy het 'n Bystandsprogram vir Werknemers (BVW) ingestel om professionele, vertroulike bystand te verlaan aan werknemers wat uiteenlopende persoonlike probleme ondervind. Die program is ontwerp om werknemers se welstand te bevorder en vir werknemers om aanvaarbare vlakke van produktiwiteit vol te hou.

'n Eksterne, private konsultant- en dienstemaatskappy administreer hierdie vertroulike program. Dié gratis diens is vir alle permanente werknemers van die maatskappy beskikbaar.

VERGOEDING EN VOORDELE

Ons vergoedingstrategie is om die maatskappy by te staan met die verbetering van sy langtermynresultate deur die regte mense te werf en te behou, die regte gedrag te motiveer en te bemoedig, billikheid te bemoedig en individue sowel as spanne se vertoning aan te moedig. Die beloningsbeleid bestaan uit verskillende komponente.

- 'n Totale markverwante vergoedingspakket op grond van individuele prestasie, vaardigheid en potensiaal.
- 'n Korttermynaansporingskema wat jaarliks betaal word en vereis dat sekere vooropgestelde teikens op grond van individuele en spanne se vertonings gegrond is.
- Langtermynaansporings – 'n aandeleskema gegrond op prestasie, potensiaal en die individu se algehele waarde vir die besigheid.
- Wismakerskema – 'n Langtermynaansporingskema slegs vir dié werknemers wat 'n regstreekse invloed op die maatskappy se wins het. Die skema vereis die bereik van sekere vooropgestelde teikens.

Ten einde te verseker dat die maatskappy se vergoedingspakkette steeds mededingend is in vergelyking met die res van die mark, word gereelde vergelykings gedoen deur deelname in vergoedingsopnames en bedryfsmaatstawwe. Die maatskappy beskou die vergoedingskoste as 'n belegging en erken dat ons werknemers ons belangrikste hulpbron is.

Finansiële State

Goedkeuring van die Finansiële Jaarstate 26 Direkteursverslag 27 Inkomstestaat 30
Balansstaat 31 Kontantvloeiestate 32 Staat van verandering in Ekwiteit 32

2002

Goedkeuring van die Finansiële Jaarstate

aan die lede van Santam Beperk

Verantwoordelikheid vir en goedkeuring van die groep se finansiële jaarstate

Die direksie van Santam Beperk aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betroubaarheid van die groep en maatskappy finansiële state van Santam Bpk. Voldoende rekeningkundige rekords is gehandhaaf. Die direksie onderskryf die beginsels van deursigtigheid in finansiële verslagdoening. Die verantwoordelikheid vir die opstelling en aanbieding van die finansiële state is aan bestuur gedelegeer.

Dit is die verantwoordelikheid van die eksterne ouditeure om 'n onafhanklike mening oor die redelikheid van die finansiële state uit te spreek na aanleiding van hul oudit van Santam Bpk. en sy filiale.


Die Ouditkomitee het bevestig dat voldoende interne finansiële beheerstelsels gehandhaaf word. Daar was gedurende die jaar geen wesenlike onderbrekings in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsel nie. Die direksie is oortuig dat die finansiële state ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk 'n redelike weergawe van die finansiële posisie, die resultate van die bedrywighede sowel as die kontantvloeï is.

Die direksie is van mening dat Santam Bpk. finansiël gesond is en as 'n lopende saak bedryf word. Die finansiële state is gevolglik op hierdie grondslag voorberei.

Die finansiële state is deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:



DK SMITH
Voorsitter



JVAN ZYL
Uitvoerende hoof

25 Februarie 2003

Sekretariële sertifisering

Ooreenkomstig artikel 268G(d) van die Maatskappywet, Wet 61 van 1973, soos gewysig ("die Wet") word hiermee gesertifiseer dat die maatskappy alle sodanige opgawes wat kragtens die Wet van 'n openbare maatskappy vereis word, by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat alle sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.



VF MALIE
Groepsekrearis

25 Februarie 2003

Verslag van die onafhanklike ouditeure

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Santam Beperk, soos uiteengesit op bladsy 27 tot 46, vir die jaar geëindig 31 Desember 2002 geouditeer. Hierdie state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

OMVANG

Ons het ons oudit ooreenkomstig Standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer ten einde redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële state is nie.

'n Oudit behels:

- 'n Ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarings in die finansiële state steun;
- 'n Beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is; asook

- 'n Oorweging van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

OUDITMENING

Na ons mening bied die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy en die groep op 31 Desember 2002, en van die resultate van hul bedrywighede, veranderinge in ekwiteit en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis.



PRICEWATERHOUSECOOPERS ING.
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
Geoktrooierde rekenmeesters (SA)

Kaapstad
25 Februarie 2003

Direkteursverslag

1. AKTIWITEITE

Santam Bpk. en sy filiale bied alle soorte korttermynversekering.

2. BEDRYFSRESULTATE

Die maatskappy het gedurende die jaar sy rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van beleggingsinkomste verander ten einde te voldoen aan internasionale tendense om vergelyking in die bedryf te vergemaklik. Vanaf dié jaar word gerealiseerde en ongerealiseerde surplusse of verliese in die inkomstestaat erken. Sien aantekening 7 (bladsy 38). Vergelykende syfers is dienoooreenkomstig hersaamgestel.

Die volgende tabel bied 'n oorsig van die bedryfsresultate vir die afgelope twee finansiële jare.

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2002 R'000	2001 R'000	2002 R'000	2001 R'000
Totale bates	8 916 565	7 304 965	7 154 500	5 900 386
Bruto geskrewe premie	8 197 393	6 205 597	6 720 146	5 022 591
Onderskrywingsurplus	141 840	96 649	89 331	61 196
Beleggingsinkomste	178 742	538 309	136 541	524 336
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers	302 242	571 644	252 685	648 202
Pro forma-verdienste op grond van langtermyn-opbrengskoers	515 982	444 764	507 372	507 686
Wesensverdienste per aandeel (sent)	274	518		
Pro forma-verdienste per aandeel op grond van langtermyn-opbrengskoers (sent)	464	404		
Dividend per aandeel (sent)	170	154		

3. GEWONE UITGEREIKTE AANDELE

Die verklaarde kapitaal het toegeneem tot 111 845 762 aandele sonder pariwaarde. Ingevolge die goedkeuring verleen by die Algemene Jaarvergadering op 23 Januarie 1997 aangaande die aandele-aansporingskema, is 789 000 aandele-opsies in die oorsigtydperk toegeken, 82 400 aandele-opsies het verval as gevolg van bedankings en 999 625 aandele is uitgereik as gevolg van die uitoefening of vrystelling van aandele-opsies. Volle besonderhede word in aantekening 14 by die finansiële jaarstate uiteengesit.

4. DIVIDENDE

Die volgende dividende is betaal en voorgestel:

Tussentydse dividend van 65c per aandeel (2001: 59c)	72 475	65 174
'n Voorgestelde finale dividend van 105c per aandeel (finaal 2001: 95c)	117 438	105 409
	189 913	170 583

5. FILIALE

Besonderhede van die beheermaatskappy se belang in filiale word in aantekening 29 van die finansiële state uiteengesit. Die belang van Santam Bpk. in die totale wins van die filiale na voorsiening vir belasting het die afgelope finansiële jaar R51 898 000 (2001: R15 570 000) beloop.

- Op 1 Januarie 2002 het Santam Bpk. 100% van die aandeelhouding in Santam Risk Finance Bpk., voorheen bekend as Allianz Risk Transfer Bpk., verkry.
- Op 1 Januarie 2002 het Santam Namibië Bpk. 100% van die aandeelhouding in Hegel Street 26 Investments Bpk., voorheen bekend as Allianz Namibië, verkry.
- Op 1 Januarie 2002 het Swanvest 120 (Edms) Bpk. 'n bykomende aandeelhouding van 28% in Stalker Hutchinson & Associates (Edms) Bpk. verkry.
- Op 31 Desember 2002 het Santam Bpk. 100% van die aandeelhouding in Insurance Broker Resource Centre (Edms) Bpk. en Africa Group Financial Services (Edms) Bpk., 'n lid van die Africa-maatskappygroep, verkry.

6. VERWANTE PARTYE

Daar is verwantepartyverhoudings tussen die maatskappy, filiale, medefiliale, geassosieerde maatskappye en die maatskappydirekteure. Alle tussengroeptransaksies is by die groep se finansiële state uitgesluit.

Sien aantekening 25 vir verwantepartytransaksies in die Sanlam-maatskappygroep.

Besonderhede van direkteursvergoeding en hul belang in die maatskappy se aandele verskyn elders in die finansiële state, sien aantekening 3.

Direkteursverslag

7. BEHEERMAATSKAPPY

Sanlam Bpk., die beheermaatskappy, besit 54.08% van die gewone aandeelkapitaal.

8. SEGMENTELE VERSLAGDOENING

Sien bladsy 46 vir die segmentele verslag.

9. DIREKTEURVERGOEDING EN BELANGE IN AANDELEKAPITAAL

Direkteursvergoeding

Die groep Menslike Hulpbronnkomitee oorweeg die vergoeding van alle direkteure sowel as die fooie wat aan alle nie-uitvoerende direkteure betaal word. Die finansiële state wat die verslag vergesel, weerspieël die totaal van uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure se verdienste en ander voordele ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet, 1973, en die noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs.

Aandele-opsies toegeken aan uitvoerende direkteure

Die totale getal aandele-opsies wat gedurende die jaar aan die uitvoerende direkteure van die groep toegeken is, was 31 000 (2001: 267 000). Die aandele-opsies is toegeken op dieselfde bepalings en voorwaardes as dié wat aan die groep se werknemers gebied is. Die uitstaande getal aandele-opsies aan die einde van die jaar wat aan die groep se direkteure toegeken is, is 655 500.

DIREKTEURE SE DEELNAME AAN DIE AANDELE-OPSIESKEMA

	Soos op	Aantal aandele gedurende die jaar		Opsie- prys R	Datum toegeken	Soos op
	31 Desember 2001	Toegeken	Uitgeoefen			31 Desember 2002
Uitvoerende direkteure						
JA van Tonder	60 000			15.25	23/10/98	60 000
	30 000			27.00	03/03/99	30 000
	20 000			26.80	15/03/00	20 000
	25 000			32.50	20/02/01	25 000
		8 000		37.15	26/02/02	8 000
Sub-totaal	135 000	8 000	–			143 000
J van Zyl	217 000			35.20	26/04/01	217 000
		15 000		37.15	26/02/02	15 000
Sub-totaal	217 000	15 000	–			232 000
JW Wilken	35 000			15.25	23/10/98	35 000
	17 500			27.00	03/03/99	17 500
	45 000			26.80	15/03/00	45 000
	25 000			32.50	20/02/01	25 000
		8 000		37.15	26/02/02	8 000
Sub-totaal	122 500	8 000	–			130 500
Nie-uitvoerende direkteure						
JJ Geldenhuys*	100 000			15.25	23/10/98	100 000
	50 000			27.00	03/03/99	50 000
Sub-totaal	150 000					150 000
TOTAAL	624 500	31 000	–			655 500

* Opsies toegeken tydens diensydperk by Santam Bpk.

Direkteursverslag

DIREKTEURSBELANG IN DIE AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

	Voordelige aandeelhouding op 31 Desember 2002	Voordelige aandeelhouding op 31 Desember 2001
Uitvoerende direkteure		
JA van Tonder	12 500	12 500
J van Zyl	100	100
JW Wilken	1 500	1 500
Nie-uitvoerende direkteure		
JJ Geldenhuys	120 000	120 000
EM Groeneweg	500	500
JG le Roux	100	100
NM Magau	100	–
AR Martin	150	150
JE Newbury	1 000	1 000
P de V Rademeyer	500	500
GE Rudman**	3 000	3 000
DK Smith	100	100
BP Vundla	300	–
	139 850	139 450

** 4000 aandele as nie-voordelige besit, terwyl alle ander direkteure aan die einde van die jaar geen nie-voordelige besit gehad het nie.

10. DIREKTEURE EN SEKRETARIS

Die maatskappy se direkteure is:

Nie-uitvoerende direkteure:	Uitvoerende direkteure:
JJ Geldenhuys*	JA van Tonder
EM Groeneweg *	J van Zyl (Uitvoerende hoof)
JG le Roux **	JW Wilken
NM Magau	
AR Martin	
JE Newbury**	
P de V Rademeyer *	
GE Rudman *	
DK Smith (Voorsitter) **	
BP Vundla	

* lid van die Risiko- en Ouditkomitee

** lid van die Menslike Hulpbronkomitee

Die maatskappy se direksie het gedurende die oorsigtydperk soos volg verander:

WS McFarlane	– Afgetree op 28 Mei 2002
JD Sinclair	– Afgetree op 28 Mei 2002
NM Magau	– Aangestel op 28 Mei 2002
PB Vundla	– Aangestel op 28 Mei 2002
L Vermaak	– Bedank op 6 Desember 2002

Die maatskappysekretaris die afgelope jaar was:

VF Malie
Posbus 3881, Tygervallei 7536
Santam Beperk, Sporticasingel 1, Bellville 7530

11. OUDITEUR

Ooreenkomstig artikel 270 (2) van die Maatskappywet, 1973 bly PricewaterhouseCoopers Ingelyf die groep se amptelike ouditeur.

12. GEBEURE NA DIE BALANSSTAATDATUM

Die groep het gedurende Januarie 2003 die verkryging van die Britse nisversekeraar, Westminster Motor Insurance Association Bpk, wat spesialiseer in versekering vir huurmotors en private motorhuur-maatskappye, afgehandel. Die koopprys van GBP23.3 miljoen is uit eie middele befonds en word beskou as 'n belangrike strategiese stap vir die diversifisering van die groep se inkomstebasis.

Finansiële State

INKOMSTESTATE	Aantekeninge	GROEP		MAATSKAPPY	
		2002 R'000	2001 R'000	2002 R'000	2001 R'000
Bruto geskrewe premie		8 197 393	6 205 597	6 720 146	5 022 591
Minus: herversekeringspremie		2 562 191	1 631 869	1 557 646	715 334
Netto premie		5 635 202	4 573 728	5 162 500	4 307 257
Minus: verandering in onverdiende premie		86 913	(186 070)	73 893	(202 463)
Bruto bedrag		258 253	(119 772)	287 340	(185 239)
Herversekeringsaandeel		171 340	66 298	213 447	17 224
Verdiende premie		5 548 289	4 759 798	5 088 607	4 509 720
Uitgawes					
Eise voorgekom	2	3 925 050	3 366 508	3 678 159	3 078 554
Eise betaal		3 756 920	3 374 698	3 462 320	3 047 153
Bruto bedrag		4 832 760	4 168 988	4 229 997	3 457 093
Herversekeringsaandeel		1 075 840	794 290	767 677	409 940
Voorsiening in verandering vir uitstaande eise		168 130	(8 190)	215 839	31 401
Bruto bedrag		129 726	257 490	252 136	288 654
Herversekeringsaandeel		(38 404)	265 680	36 297	257 253
Kommissie		698 449	635 354	659 992	783 120
Kommissie aangegaan		1 221 939	955 852	928 909	871 109
Kommissie herwin		523 490	320 498	268 917	87 989
Bestuurskoste	3	782 950	661 287	661 125	586 850
Onderskrywingsurplus		141 840	96 649	89 331	61 196
Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse	4	114 830	87 972	91 837	81 711
Bedryfsinkomste		256 670	184 621	181 168	142 907
Beleggingsinkomste	4	178 742	538 309	136 541	524 336
Inkomste van geassosieerde maatskappye	5	(646)	1 975	(3 174)	–
Dividende van filiale		–	–	1 772	80 209
Inkomste voor belasting		434 766	724 905	316 307	747 452
Belasting	6	115 585	141 342	63 622	99 250
Buite-aandeelhouersbelang	16	13 640	11 919	–	–
Wesensverdiens		305 541	571 644	252 685	648 202
Amortisasie van klandisiewaarde	12	3 299	–	–	–
Verdiens teeskryfbaar aan aandeelhouers		302 242	571 644	252 685	648 202
Pro forma-verdiens op grond van langtermyn-opbrengskoers					
	8	515 982	444 764	507 372	507 686
Verdiens per aandeel (sent)	9				
Wesensverdiens per aandeel		274	518		
Toeskryfbare verdiens per aandeel		271	518		
Pro forma-verdiens per aandeel op grond van langtermyn-opbrengskoers		464	404		
Dividende per aandeel (sent)	10	170	154		

Finansiële State

BALANSSTATE		GROEP		MAATSKAPPY	
		2002	2001	2002	2001
Aantekeninge		R'000	R'000	R'000	R'000
BATES					
Nie-bedryfsbates		3 296 134	3 635 418	3 818 241	4 005 518
Eiendom en toerusting	11	41 401	35 844	28 065	27 568
Klandisiewaarde	12	33 075	–	4 800	–
Uitgestelde belasting	17	14 063	–	–	–
Beleggings	13	3 207 595	3 599 574	3 785 376	3 977 950
Tegniese bates		2 072 259	1 646 686	880 022	598 999
Herversekerarsaandeel in tegniese voorsienings					
Uitstaande eise		1 093 263	1 100 479	384 036	347 739
Onverdiende premies		833 975	450 905	409 063	195 615
Uitgestelde verkrygingskoste		145 021	95 302	86 923	55 645
Bedryfsbates		3 548 172	2 022 861	2 456 237	1 295 869
Bedrae verskuldig deur debiteure en uitstaande premies		1 038 537	790 155	578 011	549 597
Bedrae verskuldig deur herversekerars		237 185	145 272	176 551	68 029
Bedrae verskuldig deur filiale	29	–	–	92 222	247 577
Kontant en kontantekwivalente		2 272 450	1 087 434	1 609 453	430 666
TOTALE BATES		8 916 565	7 304 965	7 154 500	5 900 386
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE					
Kapitaal en reserwes		3 375 489	3 230 342	3 160 991	3 065 401
Aandelekapitaal		1 090 618	1 069 829	1 090 618	1 069 829
Nie-verdeelbare reserwes	15	836 223	1 054 965	865 265	1 033 857
Verdeelbare reserwes		1 448 648	1 105 548	1 205 108	961 715
Buite-aandeelhouersbelang		38 953	29 025	–	–
Tegniese voorsienings		4 225 747	3 295 421	2 615 437	2 027 156
Bruto uitstaande eise		2 392 063	2 149 975	1 527 962	1 275 882
Bruto voorsiening vir onverdiende premies		1 694 516	1 045 722	1 004 627	717 287
Uitgestelde herversekeringsverkrygingsinkomste		139 168	99 724	82 848	33 987
Nie-bedryfslaste		34 210	104 604	27 793	107 111
Uitgestelde belasting		34 210	104 604	27 793	107 111
Bedryfslaste		1 242 166	645 573	1 350 279	700 718
Bedrae verskuldig aan herversekerars		548 487	224 197	423 756	111 201
Belasting		162 422	72 433	109 516	55 467
Handels- en ander krediteure		443 451	267 844	218 944	186 480
Voorsienings	18	87 806	81 099	87 806	81 099
Bedrae verskuldig aan filiale	29	–	–	510 257	266 471
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		8 916 565	7 304 965	7 154 500	5 900 386
Solvensiemarge(%)		1.3.6	60	71	

Finansiële State

KONTANTVLOEISTATE

	Aantekeninge	GROEP		MAATSKAPPY	
		2002	2001	2002	2001
		R'000	R'000	R'000	R'000
Kontant voortgebring deur bedrywighede	19	682 370	(89 295)	1 025 702	796 830
Beleggingsinkomste ontvang	20	308 638	315 139	252 226	268 523
Kontant voortgebring deur bedryfs- en beleggingsaktiwiteite		991 008	225 844	1 277 928	1 065 353
Belasting betaal	21	(96 228)	(69 262)	(88 892)	(62 021)
Kontant voortgebring deur bedryfs- en beleggingsaktiwiteite		894 780	156 582	1 189 036	1 003 332
Dividende betaal	22	(177 668)	(162 352)	(177 884)	(160 121)
Kontant behou uit bedryfs- en beleggingsaktiwiteite		717 112	(5 770)	1 011 152	843 211
Opbrengs van gewone aandele uitgereik		20 789	24 181	20 789	24 181
Beleggings in geassosieerde maatskappye		(4 941)	-	-	-
Opbrengs met verkoop van geassosieerde maatskappye		12 600	-	-	-
Beleggings in filiale	23	(36 374)	-	(16 445)	-
Kontant verkry deur verkryging van filiale		143 609	-	-	-
Kontant aangewend in toevoegings tot vaste bates		(20 819)	(2 468)	(15 679)	(1 264)
Opbrengs met verkoop van vaste bates		1 482	5 762	861	5 712
Toevoegings tot vaste bates		(22 301)	(8 230)	(16 540)	(6 976)
Toename in beleggings en likiede bates		831 976	15 943	999 817	866 128

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Aandele- kapitaal R'000	Nie-verdeelbare reserwes		Verdeelbare reserwes R'000	Totaal R'000
		Gebeurlikheids- reserwe R'000	Ongerealiseerde surplus R'000		
GROEP					
Saldo op 1 Januarie 2002	1 069 829	444 430	610 535	1 105 548	3 230 342
Aandele-uitgifte	20 789				20 789
Behoue inkomste vir die tydperk				302 242	302 242
Oorplasing na reserwe		72 466	(291 208)	218 742	-
Dividende betaal				(177 884)	(177 884)
Saldo op 31 Desember 2002	1 090 618	516 896	319 327	1 448 648	3 375 489
MAATSKAPPY					
Saldo op 1 Januarie 2002	1 069 829	444 430	589 427	961 715	3 065 401
Aandele-uitgifte	20 789				20 789
Behoue inkomste vir die tydperk				252 685	252 685
Oorplasing na reserwe		72 466	(241 058)	168 592	-
Dividende betaal				(177 884)	(177 884)
Saldo op 31 Desember 2002	1 090 618	516 896	348 369	1 205 108	3 160 991

Aantekeninge by die finansiële state

2002

Aantekeninge by die finansiële state

1. HOOF REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële state is opgestel volgens die historiesekostegronslag, aangepas vir die billike waardasie van beleggings. Die volgende is die hoof rekeningkundige beleid deur die groep toegepas, ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Dit stem ooreen met dié van die vorige jaar, behalwe vir die verandering van rekeningkundige beleid soos hieronder bespreek.

1.1 GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die gekonsolideerde finansiële state sluit in die resultate van die maatskappy en al sy filiale. Filiale word gekonsolideer vanaf die datum waarop effektiewe beheer aan die groep oorgedra word tot verkoopsdatum. Alle intergroep-balanse, transaksies, winste en verliese word uit die groepresultate uitgesluit.

1.1.1 Geassosieerde maatskappye

Met die uitsondering van filiale word alle maatskappye waarin die groep 'n langtermynbelang het en waaroor wesenlike invloed uitgeoefen kan word ten opsigte van finansiële en bedryfsbesluite, as geassosieerde maatskappye beskou en op die ekwiteitsmetode verantwoord. Indien die direkteure onseker is oor geassosieerde maatskappye se vermoë om verdienste te lewer, word dit volgens die kostemetode in berekening gebring en verdienste word slegs erken wanneer dividende ontvang word.

1.1.2 Valutatransaksies

Transaksies en saldo's

Transaksies in buitelandse geldeenhede word teen die heersende wisselkoers op die transaksiedatum omgeskakel. Monetêre items wat in buitelandse geldeenhede gedomineer is, word teen die heersende wisselkoers op balansstaatdatum omgeskakel. Winste en verliese voortspruitend uit omskakeling word na die inkomstestaar gekrediteer en gedebiteer respektiewelik.

Buitelandse entiteite

Die finansiële state van buitelandse entiteite word soos volg in die Suid-Afrikaanse geldeenheid omgeskakel:

- Bates, insluitend ontasbare bates soos klandisie-waarde, en aanspreeklikhede teen die heersende wisselkoers op balansstaatdatum.
- Inkomste, besteding en kontantvloei-items teen die geweegde gemiddelde koers.

Alle gevolglike valuta-omskakelingsverskille word met konsolidasie as deel van aandeelhouersfondse getoon. Sodra dit verkoop word, word sodanige omskakelingsverskille in die inkomstestaar erken as deel van die wins of verlies met verkoop.

Buitelandse bedrywighede

Die finansiële state van buitelandse bedrywighede word soos volg in die Suid-Afrikaanse geldeenheid omgeskakel:

- Monetêre items word omgeskakel teen die heersende wisselkoers op balansstaatdatum.
- Nie-monetêre items word teen heersende wisselkoers op die transaksiedatum omgeskakel, maar indien dit sedertdien herwaardeer is, word dit teen die heersende wisselkoers op herwaardasiedatum omgeskakel.

Alle gevolglike omskakelingsverskille word met omskakeling in die inkomstestaar erken.

1.1.3 Klandisiewaarde

Klandisiewaarde verteenwoordig die verskil tussen die koste van verkryging en die billike waarde van die groep se aandeel in die netto bates van die entiteit op datum van verkryging, uitsluitend ontasbare bates voortspruitend uit versekeringsondernemings se kontrakte met polishouers op verkrygingsdatum. Klandisiewaarde word geamortiseer deur gebruik te maak van die reguitlynmetode oor die beraamde nuttige lewensduur, nie langer as vyf jaar.

1.2. BALANSSTAAT

1.2.1 Vaste bates en waardevermindering

Vaste bates word teen kosprys min waardevermindering getoon. Waardevermindering word op 'n reguitlyn-grondslag voorsien deur die reswaarde en beraamde nuttige lewensduur van bates in ag te neem. Vaste bates word oor tydperke tussen drie en vyf jaar afgeskryf.

Belatings ingevolge bedryfsbruikhure word in gelyke dele oor die huertydperk na die inkomstestaar gedebiteer, behalwe as daar 'n alternatiewe metode is wat meer verteenwoordigend is van die tydpatroon waaruit die voordele afgelei word.

1.2.2 Uitgestelde belasting

Daar word voorsiening gemaak vir uitgestelde belasting deur die aanspreeklikheidsmetode te gebruik vir alle tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasis van bates en aanspreeklikhede en die drabedrae daarvan vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Huidige belastingkoerse word tans gebruik om uitgestelde belasting te bepaal.

Ingevolge die metode moet die groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op die herwaardasie van beleggings en op die verskil tussen die billike waarde van die netto bates verkry en hul belastingbasis.

Die vernaamste tydelike verskille spruit uit waardevermindering van vaste bates, herwaardasie van beleggings en belastingverliese wat oorgedra word. Uitgestelde belastingbates wat met die oordrag van onaangewende belastingverliese verband hou, word erken tot die mate waartoe toekomstige belasbare wins beskikbaar sal wees om ongebruikte belastingverliese te benut.

1.2.3 Voorsienings

Voorsienings word erken wanneer die groep 'n regsgeldige of konstruktiewe verpligting het, voortspruitend uit gebeure in die verlede, en dit waarskynlik is dat 'n uitvloeisel van toekomstige ekonomiese voordele vereis sal word om die verpligting na te kom en 'n betroubare raming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

Werknemers se geregtigheid op jaarlikse verlof en langdiensverlof word erken wanneer dit die werknemer toeval. Voorsiening word gemaak vir die beraamde aanspreeklikheid vir jaarlikse en langdiensverlof as gevolg van dienslewering deur werknemers tot op balansstaatdatum.

1.3. FINANSIËLE INSTRUMENTE

1.3.1 Beleggings

Genoteerde beleggings word waardeer teen waardasies van die JSE Sekuriteitebeurs. Ongenoteerde beleggings word teen direkteurwaardasie getoon. Rentedraende beleggings word waardeer deur verwagte toekomstige kontantvloei te verdiskonteer teen toepaslike markverwante koerse. Genoteerde afgeleide instrumente word gewaardeer teen SA Termynbeurs-pryse. Soos in vorige jare is die direkteure se beleggingswaardasie op 'n konserwatiewe grondslag gedoen.

Netto ongerealiseerde surplusse en verliese voortspruitend uit die herwaardasie van beleggings, en gerealiseerde surplusse en verliese as gevolg van die verkoop van beleggings word in die inkomstestaar erken. Dit behels 'n verandering van rekeningkundige beleid (sien aantekening 1.4.7). Die ongerealiseerde surplusse en verliese word na 'n nie-verdeelbare reserwe oorgeplaas. Dividende op genoteerde aandele word op die laaste datum van registrasie erken, terwyl dividende op ongenoteerde aandele erken word wanneer dit verklaar word.

Aantekeninge by die finansiële state

1.3.2 Verskansing

Afgeleides word gebruik vir die verskansing van beleggingsverkrygingstransaksies en -portefeuljes.

1.3.3 Kontant en kontantekwivalente

Banksaldo's en -deposito's verteenwoordig bedrae wat onmiddellik beskikbaar is en by banke gedeponeer is en is onmiddellik opeisbaar.

1.3.4 Bedrae verskuldig deur herversekeraars

Dit behels bedrae wat verskuldig is as gevolg van normale herversekeringbesigheid met herversekeraars.

1.3.5 Debiteure en uitstaande premies

Debiteure en uitstaande premies bestaan hoofsaaklik uit bedrae verskuldig deur versekeringsmakelaars en polishouers wat voortspruit uit normale versekeringsbesigheid sowel as opgehoopte beleggingsinkomste. Geen premiebedrae is langer as 60 dae uitstaande nie. In die geval van versekeringsmakelaars word uitstaande bedrae verseker deur waarborge gereël deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging.

1.3.6 Solvensiemarge

Die solvensiemarge word bereken deur die totale aandeelhoudersfondse aan te dui as 'n persentasie van die gekonsolideerde netto premie-inkomste oor die afgelope 12 maande.

1.4 INKOMSTESTAAT

1.4.1 Premies

Bruto premies sluit belasting op toegevoegde waarde en herversekeringverdrag-premies tussen groep-maatskappye uit. Binnelandse premies word as inkomste in berekening gebring wanneer betaalbaar deur die versekerde. Inkomende herversekeringpremies word op 'n basis van aanmelding in berekening gebring.

1.4.2 Onderskrywingsresultate

Onderskrywingsresultate word bepaal ooreenkomstig grondbeginsels wat op korttermynversekeringsmaatskappye van toepassing is. Dit is:

Voorsiening vir onverdiende premies

Die voorsiening vir onverdiende premies verteenwoordig die deel van die huidige jaar se premies wat betrekking het op risiko-tydperke wat tot die volgende jaar duur.

Voorsiening vir onverstreke risiko's

Voorsiening word gemaak vir onderskrywingsverliese wat kan spruit uit onverstreke risiko's wanneer verwag word dat onverdiende premies onvoldoende sal wees om toekomstige eise te dek.

Voorsiening vir eise

Voorsiening word gemaak vir die beraamde finale koste van alle eise wat nie op die rekeningpligtige datum vereffen is nie, minus bedrae wat reeds betaal is en eise voortspruitend uit versekerde gebeurlikhede wat voor die afsluiting van die rekeningpligtige tydperk plaasgevind het, maar nog nie op daardie stadium aan die maatskappy gerapporteer is nie.

Verkrygingskoste

Verkrygingskoste, wat kommissie en ander verwante koste verteenwoordig, word oor die tydperk waarin die betrokke premies verdien word, uitgestel.

1.4.3 Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse

Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse verteenwoordig die werklike opbrengs wat verdien word op kontant wat deur versekeringsaktiwiteite gegenereer word.

1.4.4 Aftreevoordele

Aftreevoordele vir werknemers word verskaf deur 'n aantal omskrewedydrae pensioenfondse. Die bates van die fondse word afsonderlik van dié van die groep gehou. Die aftreeplanne word deur betalings van werknemers befonds. Die groep se bydrae tot die omskrewedydraefondse word teen die inkomstestaat verreken gedurende die jaar waarin dit aangegaan word.

Die groep het ten volle voorsiening gemaak vir sy kontraktuele mediesebydraeverbintenis ten opsigte van pensioenarisse. Die huidige waarde van die mediese fondsverpligting na aftrede word jaarliks aktuarieel bepaal en enige tekort of surplus word onmiddellik in die inkomstestaat erken. Die groep se bydrae tot mediese fondse word in die inkomstestaat verreken gedurende die jaar waarin dit aangegaan word.

1.4.5 Gebeurlikheidsreserwe

'n Gebeurlikheidsreserwe word kragtens die Versekeringswet, 1998 gehou. Die benutting van die reserwe, in geval van 'n katastrofe, is onderhewig aan die goedkeuring van die Raad op Finansiële Dienste. Oorplasing na die reserwe word gedoen deur die toedeling van inkomste na belasting en word in die balansstaat as 'n nie-verdeelbare reserwe onder aandeelhoudersfondse aangedui.

1.4.6 Pro forma-langtermyn-opbrengskoers aanpassing

Die pro forma-langtermyn-opbrengskoers aanpassing verteenwoordig die verskil tussen die werklike beleggingsopbrengs wat gedurende die jaar op aandeelhoudersfondse verdien is en die langtermyn-beleggingsopbrengs wat bereken word op die grondslag wat hieronder uiteengesit word. Die pro forma-langtermynbeleggingsopbrengs word deur die direkteure bereken en is gegrond op historiese ervaring en huidige marktoestande, met inagneming van verwagtings ten opsigte van inflasie en konsensus ekonomiese en beleggingsvoorspellings.

Die langtermyn-beleggingsopbrengs van 13% voor belasting word op 'n maandelikse basis bereken op die billike waarde van die beleggings wat in aandeelhoudersfondse gehou word, uitsluitend aandeelhoudings in geassosieerde maatskappye. Die direkteure is van mening dat die opbrengskoers toepaslik is. Dit is gekies met die oog daarop om te verseker dat beleggingsopbrengs wat teen verdienste gekrediteer word, ooreenstem met die werklike opbrengs wat na verwagting oor die lang termyn verdien sal word.

1.4.7 Verandering van rekeningkundige beleid

Die maatskappy het gedurende die jaar sy rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van beleggingsinkomste verander. Voorheen is die ongerealiseerde surplusse en verliese voortspruitend uit die herwaardasie van beleggings en die gerealiseerde surplusse en verliese voortspruitend uit die verkoop van beleggings onderskeidelik as nie-verdeelbare en verdeelbare reserwes geregistreer na ekwiteit oorgeplaas.

Van vanjaar af word die gerealiseerde en ongerealiseerde surplusse en verliese in die inkomstestaat erken. Die vergelykende syfers is behoorlik hersaamgestel. Daar was geen verandering van die aanvangsreserwesaldo nie. Die uitwerking van die verandering op toeskryfbare verdienste word in aantekening 7 uiteengesit.

1.5. VERGELYKENDE SYFERS

Waar nodig, is vergelykende syfers hersaamgestel om veranderings in rekeningkundige beleid en openbaarmakings in aanmerking te neem.

Aantekeninge by die finansiële state

INKOMSTESTAAT

	GROEP		MAATSKAPPY		
	2002 R'000	2001 R'000	2002 R'000	2001 R'000	
2. Eise betaal en voorsien					
Eise betaal en voorsien sluit 'n deel in van die regstreekse uitgawes van die eise-afdeling en interne assessors.					
3. BESTUURSKOSTE					
Bestuurskoste word aangegee na:					
3.1 Ouditeursvergoeding	3 377	1 721	3 251	1 276	
Ouditfooi	2 483	1 607	2 363	1 169	
Belastingdienste	15	41	15	41	
Ander dienste	879	73	873	66	
3.2 Bedryfshuurbetalings	62 595	61 053	61 576	60 765	
Kantore	43 173	40 403	42 283	40 403	
Rekenaartoerusting	4 527	5 440	4 524	5 440	
Meubels en meganiese toerusting	3 703	3 063	3 577	3 063	
Motorvoertuie	11 192	12 147	11 192	11 859	
3.3 Wins met verkoop van vaste bates	199	5 185	63	5 361	
3.4 Waardevermindering	15 462	24 922	15 245	24 034	
3.5 Personeelkoste	505 072	481 289	495 927	453 575	
Salarisse	409 102	397 038	401 526	371 923	
Sosiale voorsorgkoste	69 262	58 840	68 222	57 483	
Aftreevoordeelkoste	26 708	25 411	26 179	24 169	
		Direkteurs-fooi	Prestasie-bonus	Ander voordele	Totaal
	Salaris R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3.6 Direkteursbesoldiging (deur die maatskappy betaal)					
Uitvoerende direkteure					
JA van Tonder	846	44	65	123	1 078
J van Zyl	1 410	44	48	186	1 688
JW Wilken	1 038	44	65	117	1 264
					4 030
Nie-uitvoerende direkteure					
JJ Geldenhuys	–	50	–	–	50
EM Groeneweg	–	66	–	–	66
JG le Roux	–	55	–	–	55
WS MacFarlane (Afgetree – 28 Mei 2002)	–	35	–	–	35
NM Magau (Aangestel – 28 Mei 2002)	–	22	–	–	22
AR Martin	–	44	–	–	44
JE Newbury	–	44	–	–	44
P de V Rademeyer**	–	74	–	–	74
GE Rudman	–	66	–	–	66
JD Sinclair (Afgetree – 28 Mei 2002)	–	20	–	–	20
DK Smith	–	55	–	–	55
L Vermaak** (Bedank – 6 Desember 2002)	–	150	–	–	150
P Vundla (Aangestel – 28 Mei 2002)	–	22	–	–	22
					703
TOTAAL					4 733

** Hierdie fooie is betaalbaar aan die houermaatskappy, Sanlam Bpk.

Alle uitvoerende direkteure kom in aanmerking vir 'n jaarlikse prestasiebonus wat aan toepaslike groepsdoelwitte gekoppel is. Die groep se Menslike Hulpbronkomitee bepaal die struktuur van die individuele bonusplanel- en toekennings.

Aantekeninge by die finansiële state

INKOMSTESTAAT	GROEP		MAATSKAPPY	
	2002 R'000	2001 R'000	2002 R'000	2001 R'000
3.7 Vergoeding aan oordragsekretaris vir sekretariële dienste	451	213	451	213
4. BELEGGINGSINKOMSTE				
Rente verdien	228 279	190 491	150 815	106 857
Genoteer	79 182	133 989	38 828	69 101
Ongenoteer	149 097	56 502	111 987	37 756
Dividende ontvang	113 463	132 568	110 486	86 537
Genoteer	72 825	72 423	71 750	31 703
Ongenoteer	40 638	60 145	38 736	54 834
Netto beleggingsurplus	(21 788)	311 142	(6 777)	417 733
Gerealiseer	294 806	81 463	260 422	81 609
Ongerealiseer	(316 594)	229 679	(267 199)	336 124
Valutaverskille	(17 294)	–	(17 294)	–
Beleggingsbestuursfooi	(9 088)	(7 920)	(8 852)	(5 080)
Minus: Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse	293 572 (114 830)	626 281 (87 972)	228 378 (91 837)	606 047 (81 711)
Beleggingsinkomste	178 742	538 309	136 541	524 336
5. INKOMSTE VAN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPY				
Behoue ekwiteitsverdiens	(646)	1 154	(3 174)	–
Dividende ontvang	–	821	–	–
	(646)	1 975	(3 174)	–
6. BELASTING				
Normale Suid-Afrikaanse belasting				
Huidige jaar	172 153	154 748	142 940	141 026
Buitelandse belasting				
Huidige jaar	14 063	10 466	–	–
Inkomstebelasting vir die jaar	186 216	165 214	142 940	141 026
Uitgestelde belasting				
Huidige jaar	(70 631)	(23 872)	(79 318)	(41 776)
Totale belasting vir die groep	115 585	141 342	63 622	99 250
TOTALE BELASTING VOLGENS DIE INKOMSTESTAAT	115 585	141 342	63 622	99 250
Rekonsiliasie van belastingkoers (%)				
Normale Suid-Afrikaanse belastingkoers	30.0	30.0	30.0	30.0
Aangepas vir:				
Nie-toelaatbare uitgawes	1.6	0.9	0.3	0.1
Buitelandse belasting	0.5	–	0.0	–
Vrygestelde inkomste	(8.6)	(5.4)	(10.3)	(6.7)
Beleggingsresultate	3.1	(6.0)	0.1	(10.1)
Netto vermindering	(3.4)	(10.5)	(9.9)	(16.7)
EFFEKTIEWE KOERS (%)	26.6	19.5	20.1	13.3

Ooreenkomstig korttermynversekeringspraktyk is daar in vorige jare geen voorsiening vir uitgestelde belasting op die gebeurlikheidsreserwe gemaak nie. Na die opskorting van Praktyknota 10 ingevolge waarvan oorplasing na die gebeurlikheidsreserwe vir inkomstebelastingdoeleindes aftrekbaar was, is die finansiële state aangepas deur uitgestelde belasting op die saldo van die gebeurlikheidsreserwe op 31 Desember 2000 te voorsien.

Aantekeninge by die finansiële state

INKOMSTESTAAT	GROEP		MAATSKAPPY	
	2002	2001	2002	2001
	R'000	R'000	R'000	R'000
7. VERANDERING VAN REKENINGKUNDIGE BELEID				
Die maatskappy het gedurende die jaar sy rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van beleggingsinkomste verander. Voorheen is die netto ongerealiseerde surplusse of verliese voortspruitend uit die herwaardasie van beleggings en die gerealiseerde surplusse of verliese voortspruitend uit die verkoop van beleggings as onderskeidelik 'n nie-verdeelbare of verdeelbare reserwe regstreeks na ekwiteit oorgeplaas.				
Van vanjaar af word die gerealiseerde en ongerealiseerde surplusse of verliese in die inkomstestaat erken. Vergelykende syfers is waar toepaslik heraan gestel. Aangesien daar geen verandering van die aanvangsreserwe-saldo's was nie, is die uitwerking van die verandering op toeskryfbare verdienste soos volg:				
